

# Ons Storiewa

Omnibus van GGSA Vaaldriehoek

Uitgawe 2 Jaargang 2

## The Spanish 'flu

Trevor Dickerson

1

## My Storie

Quarta Pretorius née Els

3

## Moord op Derdepoort

Gys en Kobie Ströh

6

## Hét Oupa oor die tou getrap?

Erna Buber-deVilliers née Schutte

11

## Die Liebenberg grafte

Hennie Steyn

15

## Twee lekker stories

Renier Feldtman

18

## Die ring was die ding

Wilna Venter

22

## Die Naudés in Frankryk

Johan Naudé

24

## Anderkant die spoor

Chris Bothma

27

## Snyman en Snyman

Danie Snyman

28

## Wie was my Oupa se Oupa se Oupa?

Hendrik Potgieter

29

## Ons wa is deur die drif!

Hy het 'n ruklank lelik vasgeval, maar toe mense begin skouer-aan-die-wiel sit, kry ons hom deurgetrek, en hier is hy nou: ons 2013 uitgawe (al is dit nou al diep 2014).

Ek het my eerste Genealogiedag so twee-drie jaar gelede saam met julle op Klerksdorp bygewoon. Daar het Isabel Groesbeek se praatjie groot indruk op my gemaak. Sy het verduidelik dat Genealogie uit twee goed bestaan: jou familiestamboom, *en* jou familiestories. Albei is ewe belangrik. En net soos jy by jouself begin as jy jou familiestamboom begin bou, begin jy met jou eie storie as jy jou familieverhaal wil vertel. Isabel het dit op ons hart gedruk: "Gaan sit tog, mense, en **skryf julle stories neer!** Jou eie verhaal – van kleintyd tot nou – is 'n kosbare nalatenskap." Daarom moedig ek ook my mede-taklede aan: **skryf jou storie!**


Hierdie uitgawe is 'n lus. Dit was vir my 'n belewenis om te sien waarmee almal vorendag gekom het. Die paadjies waارlangs ons soek na ons familiegeskiedenis ons lei is wonderbaarlik uiteenlopend.

'n Familielid het my eenkeer na aanleiding van 'n gesprek oor my familienavorsing gevra: "Nou maar Erna, as jy al hierdie goeters eers wéé... wat gaan jy daarmee máák?" Ek was skoon uit die veld geslaan. Ja, wat wil ek nou eintlik met die lyste voorsaattname en datums maak? Of met die stories wat ek aanteken? Het dit enige praktiese waarde?

Ek dink al lank hieroor na, en het tot die slotsom gekom dat dit nie eintlik gaan oor wat ék met die kennis gaan maak nie – maar wat die kennis met *my* maak. Want die stories verander my. Hulle maak my dankbaar. Hulle maak my trots en vervul my met deernis. Hulle gee my hoop en geloof en 'n sin van my plek in die ontvou van 'n baie groter verhaal. My stories – en julle stories – "connect" my! Die stories weef 'n web wat verlede, hede en toekoms bymekaar trek, en wat veral vir ons as mense met mekaar verbind.

Baie dankie, almal, vir julle samewerking! Julle stories is geplaas volgens hoe ek hulle ontvang het (byvoorbeeld: Trevor s'n het eerste in my posbus geland). Lekker lees.

*Erna* 2014.02.19



## Trevor Dickerson – The Spanish ‘flu

Francis Mathews Dickerson, also known as Frank, was my grandfather. He was only 27 years old when he died... of ‘flu. It feels strange to think about such a young man as “Grandfather”, and it was strange, to me, that ‘flu could kill a young man in his prime. I wanted to learn more about him, and about the 1918-19 epidemic that wiped out so many people.

My father, Frank’s son and namesake, told me that Grandfather and his partner Mr Hickling were traders and ran a general dealer store at Teyateyaneng, where Frank was born. Teyateyaneng is a village on a hilltop in north-western Lesotho. It is 31 km northeast of Maseru, on the country’s main north-south road.

Teyateyaneng (often abbreviated as TY) got its name from the Teja-Tejane (“Quicksands”) River, which flows south of the village. The village developed upon the site of a camp that was established in 1886, following the resolution of a dispute between the British resident commissioner, Marshall Clark, and Chief Masopha. The chief was the third son of the legendary Moshoeshoe, founder and paramount chief of the BaSotho nation. When Masopha agreed to pay taxes to the resident commissioner, the chief was allowed to set up his own district headquarters.

I have my grandfather’s death notice (MGH: D970; Free State Provincial Archives). It states that his father was Frederick Mathews Dickerson, although other sources record my great-grandfather’s name as Matthews Frederick. The death notice also states that he died ‘at house of J.G. Green’, who could have been his father-in-law (and my grandmother’s father).

### Mabel, Grace and Frank Dickerson

Mabel was Grandfather Frank’s eldest sister, and Dimmie Farrow was her daughter. Dimmie lived in Grahamstown, and was more than 100 years old when she died. She wrote me several letters about the family.

Below follows a quote from one of Dimmie’s letters:



- Frank’s sister, Mabel Frances, always spoke of him as being her favourite brother and referred to him as “my baby brother”. I remember the sadness when the news came that he’d died. We were in England with my father’s family because he was “in the trenches” in the 1914-1918 war. It was just before the end of the war and during the terrible Spanish ‘flu epidemic which killed so many people. I remember so clearly the cable coming, and my mother’s grief. I was nine years old. We had heard so many stories about this dear young brother of hers. Her father had died the year before, in 1917. I remember how Mother told us that she had heard him (her father) calling her and how she had started up in her bed in the middle of the night, calling out to him, “I’m coming!” In the morning the cable came telling of his death, and that he’d called to her before he died.

George Geddes Dickerson, a son of my grandfather’s brother Frederick, told me: “Uncle Frank was a keen cricketer and is known to have played against a touring MCC side, presumably for Border.”

Grandfather Frank died of the deadly Spanish influenza, during the global epidemic that raged in 1918. An investigation into the epidemic has shown that it almost certainly started in an army camp in France in the middle of World War I. It was the most lethal epidemic in modern times. It seems to have occurred simultaneously in places as

far apart as South Africa, India and Indonesia. Up to a billion people are believed to have been infected and 40 million people died. The true cause of the deaths and the true nature of the disease remains one of the greatest mysteries in medical science.

A doctor at Fort Devens, near Boston, Massachusetts, said the victims "rapidly developed the most vicious type of pneumonia that has ever been seen. Two hours after admission they have the mahogany spots over the cheekbones and a few hours later you can begin to see the cyanosis extending from the ears and spreading all over the face, until it is hard to distinguish the coloured man from the white. It is only a matter of a few hours, then, until death comes and it is simply a struggle for air until they suffocate. It is horrible."

It certainly was horrible. Most historians tell you that more people died from that 'flu than on the battlefields of WWI, but they do not tell you much more. In contrast to the tens of thousands of books about the war, there are just a couple of dozen or so about the much greater killer.

Here are some facts:

There were 9.2 million combat deaths during the four years of WWI, and 15 million related deaths (starvation, revolution, etc), i.e. a total of 24.2 million war-deaths.

Estimates for 'flu casualties run in excess of 100 million.

In Cape Town they ran out of coffins: bodies were buried in mass graves, wrapped in blankets.

There are stories current in local families about ox-wagons going through Karoo villages every night, loading up the day's dead - never seen by doctor or nurse. Whole families were found dead inside their homes.

In various parts of the world there were simply no records kept of deaths - there were just too many.

Scientists have found the gene sequence for the 1918 'flu virus, but they still don't know what made it so lethal. Meanwhile they're thinking of looking for tissue samples from the 1890 'flu. Did that, perhaps, confer immunity so that the 1918 victims were mostly the young and strong - and not, as one would expect, the elderly and weak? The search continues.

#### **Here are bits and pieces about the 1918 epidemic that I've gleaned from various sources over the years:**

Until now The Great Flu Epidemic of 1918-19 holds the record for killing the most people in modern history. In the end it claimed 20 million lives in less than 18 months - and the death rate among the infected was only 3%. - You Magazine, 8 May 2003

★ ★ ★

The so-called Spanish flu, believed to have been another influenza virus with some genetic material that came directly from birds, killed at least 20 million people worldwide over two years, most of them in a few weeks in late 1918. - New York Times

★ ★ ★

Apart from two bird-human flu pandemics which caused roughly a million deaths in 1957 and a quarter of a million in 1968, the starker example of influenza horror on that scale is the "Spanish flu" of 1918-19 which killed between 50-million and 100-million people, a significantly higher death toll than of World War 1 (estimates range from 15-million to 21.5-million).

In South Africa an estimated 300 000 were scythed down. What made the H1N1 virus terrifying was that it killed its victims in three days flat, taking an unusually high toll of fit, healthy young adults.

Phillips, who organised an international conference in 1998 to mark the 80th anniversary of the pandemic says it appears to have originated in military camps in the US Midwest and then spread from Boston via troopships to the French port of Brest and from there to Flanders' fields.

This "first wave" of the flu – which, unlike the 1957 and 1968 varieties, appears to have been transmitted directly from birds to humans – was not so virulent and appears to have entered Durban, via an infected troopship, and spread to Johannesburg, in April 1918. Although it laid many people low, it was not particularly lethal and gave the residents of the eastern half of the country partial immunity for another strain that was to come.

A lethal strain of the flu developed in the trenches of the Western Front, laying waste entire divisions. This "second wave" swept the world, entering Cape Town via troopships the virus had invaded when they were laying over in the port of Freetown, Sierra Leone, where stevedores appear to have acquired the infection through the visit of an earlier troopship.

During the "Black October" month of 1918, Cape Town ground to a complete halt, with no public transport, electricity or post for days. Phillips said that one survivor, who was a girl of about 15 or 16 at the time, recalled that Adderley Street was empty except for the corpses littering the pavements.

Travelling on the railways with the demobbed troops from Cape Town bound for Johannesburg, the virus was most devastating in Kimberley, then one of the country's biggest cities, because of its high concentration of troops and miners who had not been partially immunised by exposure to the "first wave". "Kimberley was like a hell on earth," Phillips says. "De Beers shut its operations for about a month because its workforce was decimated." Panicked miners fled and spread the killer H1N1 virus into the far reaches of the Transkei, Basotholand, and Rhodesia and Nyassaland.

A third and final wave also proved less virulent, probably because most of the population had already been exposed, but its victims may have included General Louis Botha who came down with a heavy cold on his farm in the Eastern Transvaal and died three days later. Boer nationalists nicknamed the killer disease the "khaki pest", blaming British troops for its introduction. But its victims were as diverse as Austrian artist Egon Schiele and the Bolshevik leader Yakov Sverdlov.

Philips points out that back in 1918-19 distraught health authorities had no idea what they were dealing with, presuming it to be caused by a bacterial strain. Much tinier than bacteria, the existence of viruses was not confirmed until years later. - Star Insight, Michael Schmidt, 26/11/2005

★ ★ ★

Another possibility is that the Spanish Influenza Epidemic of 1918/19 was caused by a vaccine. I am unable to locate the exact reference for this theory, which was in an email newsletter to which I subscribed at one time. If you Google Dr Mercola and Spanish flu, you'll find a host of other theories too. I am sure that you, too, have one or more persons in your family tree who lost their lives or family members because of this killer disease.



## Quarta Pretorius née Els – My storie

(Quarta is ere-lid by ons tak sedert sy ons so onderhoudend toegespreek het.  
Ons sien uit na nog bydraes van haar kant af. – Erna)

Ek is 'n gebore en getoë Heilbronner. Ek is gebore op 15 Maart 1942 as die oudste kind en enigste dogter van Andries en Lizzie Els van die plaas Heuningkop in die Heilbron distrik. Ek het nog twee broers, Johan, 'n argitek in Pretoria, en Jannie, 'n suksesvolle boer, ook in die Heilbron distrik. My ma was 'n nooi Ebersohn van die plaas Sarina tussen Lindley en Heilbron.

Ek het vir seker my liefde vir geskiedenis en kultuur by my Pa geërf. Ons het dit omtrent met moedersmelk ingekry. 'n Mens kan seker nie sê vadersmelk nie. Hy het ons trots gemaak om Afrikaners te wees.

Toe ons kleuters was het 'n jong swart vrou, Pona, ons opgepas. Sy het my geleer lees en somme maak. Op vyf jaar was ek, danksy Pona, skoolgereed. In vandag se terme gereken, was Pona dus my graad R juffrou. Ek het my skoolloopbaan begin by die ou Witskool (vandag die CVO skool). Ek het by Heilbron Hoërskool gematrikuleer. My hoërskooljare was die wonderlikste tyd van my lewe. Ek het elke oomblik daarvan geniet. Akademie was in elk geval nie vir my prioriteit nommer een nie. Die kultuur en alles wat daarmee saamgegaan het, was vir my baie lekkerder as om te probeer leer vir onderskeidings. Vandag kry die kinders so maklik en so baie onderskeidings. Dalk sou ek ook vandag 'n paar kon kry.

Januarie 1960 breek 'n heel nuwe fase in my lewe aan. Ek word ingeskryf as student by die Potchefstroomse Onderwyskollege. Destyds kon jy nog 'n twee-jaar kursus doen. Ek het my studentelewe en weer die kultuur baie geniet. Januarie 1962 begin ek skoolhou by Johan Greybe Laersool in Elandsfontein, 'n voorstad van Germiston. Elandsfontein het merendeels die spoorwegwerkers gehuisves. Ek was maar 19 jaar oud -- bloedjonk. Ek het met 'n donderslag vanaf kind- en sorgelose studentwees in die grootmenswêreld beland. Ek het baie beskermd

grootgeword, en hier land ek, die plaasjapie, in die harde werklikheid. My boerepa het gedink Germiston is Sodom en Gamorra, en dring toe aan dat ek aansoek doen vir 'n ander pos. Ek het twee jaar in Elandsfontein skoolgehou en daarna drie jaar op Newcastle.

Na vyf jaar bedank ek die onderwys en gaan werk in Pretoria by die Departement Handel en Nywerheid se In- en Uitvoerbeheer. My pa se neef, Mauritz Els, het ook daar gewerk, en hy het my vir die pos daar aanbeveel.

Ek het by mnre. Steyn en Mouton in die kantoor gewerk, en het my werk daar ontsettend baie geniet. Mnre Steyn is oorlede gedurende die tyd wat ek daar gewerk het, en toe is mnre. Mouton in sy plek aangestel. Voor ek getroud is, het ek bevordering gekry tot senior vroue-assistant in die pos as privaat sekretaresse. Ek moes eenkeer 'n maand gaan aflos as privaat sekretaresse by die Direkteur van Handel en Nywerheid, mnre de Villiers. Gedink ek is die kat se snor!



So het ek in 1969 gelyk.

Ons kantoorgebou was destyds in Proesstraat regoor so 'n deftige vierster hotel. Sien jy, nou kan ek nie eers meer die hotel se naam onthou nie. Vandag kan 'n ou amper nie eers waag om alleen daar te ry nie. Ek het altyd van Kerkplein af gestap werk toe. Later 'n Volksie beatle gery.

Op 10 Januarie 1970 tree ek in die huwelik met Gawie PRETORIUS, 'n boer van Heilbron. Uit hierdie huwelik is vier kinders gebore, Gawie, toe 'n tweeling - André en Ters - en daarna ons enigste dogter Elzet.

Al vier my kinders woon vandag in Heilbron, waaroor ek oneindig dankbaar is.



Hier is ek saam met v.l.n.r Gawie, André, Elzet en Ters



Ek het nege pragtige kleinkinders

Omdat ek, toe ek gewerk het, gewoond daaraan was om my eie geld te verdien, was dit vir my moeilik om Gawie vir geld te vra. Ek besluit toe om as stokperdjie met varke te begin boer. Ek het met vyf soggies begin en twintig jaar later met 'n 250 sogenheid uit die bedryf uitgetree. Wat as 'n stokperdjie begin is, het later ons hoofboerdery geword. So het ook die Telwiedre voerfabriek uit die varkboerdery ontstaan. Die naam "Telwiedre" is gevorm uit my vier kinders se name -- Tel (Ters en Elzet), wie (Gawie) en dré (André).



My man Gawie is in 1996 oorlede. Ek het toe in die dorp kom woon. My kinders het met die boerdery en voerfabriek aangegaan. In 1998 het ek by die Riemland Museum begin werk. Hier kon ek my weereens in die kultuur uitleef.

Ek dien tans op die direksie van die Vegkop Slagveld Mpy.

Ek stel baie belang in genealogie, en het 'n Boshoff, Pretorius en Els geslagregister gedoen. Ek geniet my aftrede en toer baie, binne Suid-Afrika en ook oorsee. Ek het my wanderlust by my pa geërf.

Kom ek neem julle so 'n bietjie terug in my verlede.

My oupagrootjie, Mattheus Johannes Els en sy broers en susters het in 1848 uit Somerset Oos na die Vrystaat getrek. Oupagrootjie het 'n paar jaar in Bloemfontein-distrik geboer en toe na Heilbron verhuis, waar hy die plaas Strydfontein gekoop het. Die transportakte is deur President Brand geteken op 29 Desember 1875. Driekwart van die plase in Heilbron het destyds aan die Else behoort. Oupagrootjie Mattheus was een van die vier stigterslede van Heilbron in Mei 1873. Elsstraat in Heilbron is na hom vernoem en vandag, 141 jaar later, het ek die voorreg om in Elsstraat te bly. Dink julle hy sou trots gewees het op my? Wel, ek is baie trots op hom. Hulle is begrawe in die familie-kerkhof op Strydfontein. Daar lê vier geslagte Else.

**Mattheus Johannes ELS  
en Mari Elizabeth HERBST**



My oupagrootjie aan moederskant was Willem Hendrik Boshoff. Hy was die vroeëre eienaar van die plaas Vegkop en van die aangrensende Doornkop. Hy het kort na die Boereoorlog 'n deel van Doornkop aan Vegkop geskenk met die uitdruklike voorwaarde dat daar 'n skool gebou moet word. Daar was vir jare 'n groot driemanskool en 'n koshuis.

Sy vrou was my oumagrootjie Elizabeth Johanna. Ek het haar name. Ook my ouma en my ma s'n. My ouma het voorgestel dat my ma-hulle my Quarta noem ("vier" in Latyn). Ek is ook baie trots op my Boshoff grootjies. Hulle is begrawe op Doornkop.

So vyf jaar gelede is 'n privaatbegraafplaas op Vegkop goedgekeur deur SAHRA (South African Heritage Resource Association) op die deel "Geschenk" wat deur oupagrootjie aan Vegkop geskenk is. Ek sou my grootjies so graag daar wou herbegrave. Ek sal ook maar een dag daar gaan "uittree".



Oupagrootjie **Willem  
Hendrik BOSHOFF**



Oumagrootjie  
**Elizabeth Johanna  
Boshoff,  
sy vrou.**



## Gys en Kobie Ströh – Moord op Derdepoort

Ons soek tog wat die feite opgelewer het waaroer ek hier vertel het sy oorsprong by my skoonpa Markus Wynand Kilian Ströh. Aan die einde van 'n lang siekbed het hy in sy verswakte, deurmekaar toestand gesê: "Gaan kyk in Rustenburg. Voor die NG Moederkerk is 'n gedenknaald. Daar is MW Kilian se naam opgeteken." Daar was nie tyd of krag vir hom om meer te sê nie. Ons was wel daarby die sterfbed, het probeer inligting kry, vrugtelos. Wie was MW Kilian?

Ons begin toe navors oor die Ströh familie. My man Gys se Ouma Lettie (Aletta Francina) se nooiensvan was Kilian, vandaar die Kilian in my skoonpa Markus Wynand Kilian se naam. Miskien was die MW Killian van die gedenknaald Ouma Lettie se pa? Nou begin ons soek na Oupagrootjie Kilian. Ons kan geen inligting opspoor nie. Niemand weet iets van hom nie. Sy enigste oorlewende kleindogter, Kitty Ströh/Grimes (gebore 1930) kan net onthou dat haar ma gesê het dat haar pa 'n transportryer was tussen Rustenburg en Durban, en dat hy iewers op die pad grusaam vermoor is deur die swartes. Daar het nooit eers 'n graf vir hom bestaan nie.

Ons soek verder. Terug na die gedenknaald. Ons vind uit dis opgerig ter ere van die burgers wat by Derdepoort gesterf het. Skielik val daar vir ons legkaartstukke in plek. Derdepoort is 'n ou klein dorpie op die grens van Botswana, distrik Rustenburg. Ons gaan soek na wat daar gebeur het en besef dat geskiedenis homself herhaal. Mense word opgestook, ruk handuit, maak amok en onskuldiges sterf in die proses. Tot vandag toe nog.

Net toe ons dink ons weet nou wie MW Kilian is, kom die groot skok. Datums verskil. Moord op Derdepoort: 25 November 1899. MW Kilian sterfdatum: 17 Februarie 1900 – amper drie maande later! Ons moet maar weer aangaan met die speurwerk. Terug na gedenksteen ter nagedagtenis aan die moord op Derdepoort. ‘n Bron, “Rustenburg at war”, help ons om Derdepoort met Khaya se put/Kain se put koppel. Daar’s die deurbraak. Februarie 1900: Transportryer Markus Wynand Kilian is by Kain se put vermoor. Sy bene het later wit op die veld bly lê.

Ek besef weereens dat geskiedenis homself herhaal. Destydse onbeskryflike barbarisme en wreedheid herinner my aan hedendaagse plaasmoorde.

Interessant, ook, dat gruwelike foute begaan is wat aanleiding gegee het tot die slagting. Voorafgaande waarskuwings en opdragte is geïgnoreer; bevelvoerders was nie op hulle poste nie, en so aan. Niemand is ooit tot verantwoording geroep nie. Nie Brit óf Boerebevelvoerder nie.

Derdepoort lê vandag binne die grense van die Madikwe natuurreservaat.

Ons eer die nagedagtenis van onskuldige mense wat onnodig gesterf het. Hieronder volg eers ‘n opsomming van die feite oor die gebeurtenis, en ons artikel word daarna afgesluit met ons stamboomnavorsing wat gevolg het op ons soeke na oupagrootjie Markus Wynand Kilian.

## **MOORD OP DERDEPOORT**

### **Aanloop tot oorlog:**

Kommer oor posisie van inheemse swartes in ZAR en Oranje Vrystaat sowel as in Engeland-beheerde Betsjoeanaland, Swaziland, Basoetoeland, Rhodesië, Swaziland, Natal en Kaap. Gaan hierdie swartes bewapen word en betrek word in oorlog, of slegs as agterryers, wadrywers, diereversorgers, boodskappers en spioene gebruik word, soos tradisioneel deur Boeremagte?

Kaapprovincie se regering het parlement spesifiek gevra om swartes nie te betrek of bewapen nie.

Sir Alfred Milner het wel swartes bewapen onder voorwendsel dat hulle hul huise en families moet beskerm teen Burgers.

### **Derdepoort**

Derdepoort was ‘n klein boeregemeenskappie langs die Maricorivier aan die Suid-Afrikaanse kant van die grens tussen die ZAR (Transvaal) en Britse Betjoeanaland (Botswana). Met die uitbreek van die oorlog in 1899, was daar ‘n polisiestasie, twee winkeltjies, ‘n poskantoor, skooltjie, kommandantskantoor, ‘n fotograaf en ‘n paar woonhuise. Die boere van Derdepoort het betreklik goed met die inheemse bevolking oor die weg gekom – onder andere die Bamangwato en baKwena.

### **Belangrikheid van Derdepoort**

- Baie naby aan die stat Mochudi waar kwaadwillige en pro-Britse Bakgatla gewoon het.
- Redelik naby aan Gabarone, waardeur ‘n hoofspoortlyn loop tussen Bulawayo en Kaapstad. Swaarbewapende treine met Britse troepe het vanaf Kaapstad in die dorpie ingestoom.
- Direk oorkant rivier was Sekwani se stat.
- ‘n Boerelaer van ongeveer 40 Rustenburgers onder bevel van assistant-kommandant Kasper du Plessis en Veldkorvet Piet Kruger (seun van Paul Kruger) is gevorm buite Derdepoort.

### **Bakgatla (ba Kgatla)**

Die Bakgatla het oorspronklik in Transvaal gewoon. In 1880 het Paul Kruger die plaas Saulspoort aan die voet van die Pilansberg in distrik Rustenburg bekom, wat bewoon was deur stamlede van die Bakgatla onder stamhoof Kgamanyane. Paul Kruger en Kgamanyane het ca 1880 rusie gekry en Kruger het die hoofman met ‘n sambok bygekom. Woedende Bakgatla het weggetrek na Betjoeanaland en rondom die stat Mochudi gaan woon. Daar het hulle ‘n bloedige oorlog teen die baKwena gevoer, en hulle uit die grensgebied verdryf.

Voordat hy stamhoof geword het, het Kgamanyane ‘n buite-egtelike seun gehad, SEGELE. Later, gedurende Kgamanyane hoofmanskap, is sy seun LINCHWE uit ‘n wettige huwelik gebore. Linchwe sou hom opvolg as stamhoof. Segele was hieroor baie ongelukkig en het alles wat hy kon bedink gedoen om Linchwe te ondermy. Linchwe het

probeer neutraal bly in die stryd tussen Boer en Brit, maar die Britte het die Bakgatla bewapen en aangehits (veral vir Segele) en voorsien van groot hoeveelhede ammunisie.

### Aanval

Die aanval het in die vroeëoggendure van Saterdag 25 November 1899 plaasgevind. Britte onder leiding van Lt-Kol Holdsworth het stelling ingeneem teenoor die Boerelaer, en toe die gewapende, kaalvoet Bakgatla onder Segele se bevel vooruitgestuur. Holdsworth se verweer was dat die kaalvoet impis geluidloos kon beweeg en die laer onverhoeds kon verras. Die Britte was met 'n Maxim-masjiengeweer en Lee Metfords bewapen en die Bakgatla met assegaaie, voorlaaiers en Martini Henri's. Met dagbreek is 'n paar skote met die Maxim gevuur as teken vir die Bakgatla om aan te val. Die Bakgatla het die Boerelaer aangeval onder Britse dekking.

### Slagting-Skandaal

Die aanval het handuitgeruk. nadat hul die laer aangeval het, het die Bakgatla uitgewyk na die dorpie Derdepoort. Daar het hulle die inwoners (vrouens en kinders inkluis) aangeval, geplunder en geroof. Huise en winkels is afgebrand en amok orals gemaak.

Die Britse soldate het verskrik en ongedeerd op die vlug geslaan terug oor die grens na Gabarone.

'n Groep van ongeveer sestien vrouens en kinders is deur die Bakgatla gevange geneem en genadeloos 65 km ver oor die Betsjoeanaland grens na Sekwani aangejaag. Sommige was erg aangerand en gewond, maar hulle is te voet aangejaag sonder kos en water, meeste kaalvoet en in hulle nagklere. Vroue moes die kleiner kinders heelpad dra. Op 29 November is hulle na 'n Britse veldhospitaal geneem, en 1 Desember 1899 na 'n Boerelaer by Krokodilpoel gestuur.

Die name van die slagting se slagoffers is op die gedenksteen voor die NG Moederskerk in Rustenburg te sien.

### Skokkende nuus

'n Fietsryer het die eerste berig van die aanval op Derdepoort al die volgende dag, 26 November, Rustenburg toe gebring. Hy het die 100 myl teen geweldige spoed afgejaag. Hulp is dadelik ingeroep. Ongeveer 70 burgers en 'n dokter is Derdepoort toe gestuur. Nadat hulle die Bakgatla teruggedryf het, kon hulle gaan ondersoek instel. In die dorpie het hulle die lyke van minstens agt polisiemanne en ses inwoners (onder wie twee vroue) gekry. Hulle is almal bloeddorstig vermoor en grusaam vermin.

### Bakgatla verdryf

Die burgers het die Bakgatla uit hul skuilplekke oorkant die rivier gedryf en dieper in Betsjoeanaland in verjaag. Die Sekwani stat is afgebrand. President Paul Kruger was bekommert, want hy het geglo dat die Bakgatla steeds in die omgewing van Derdepoort skuil. Hy was reg, want Linchwe het sy Bakgatla impis wéér Transvaal in gestuur om te roof en te plunder.

### Kayaseput (KAIN SE PUT).

Twee maande na die Derdepoort slagting, op Saterdag 18 Februarie 1900, was daar 'n konvooi waens met voorraad vanaf Rustenburg oppad Derdepoort toe. Die Bakgatla het die konvooi aangeval en geroof en die togryers grusaam vermoor. Marthinus Nicolas Ras (ons eerste kanonbouer) was een van hulle. Sy liggaam is vermin en sy ingewande is aan 'n boom opgehang. Die Ras kanonne is vir die nageslag bewaar en kan in die Pretoria Kultuurhistoriese Museum besigtig word.

'n Kommando van ongeveer 60 man het hul gehaas om hulp te verleen, maar die Bakgatla het hulle in 'n hinderlaag geleei. Sewe burgers het gesterf en die kommando moes terugval. Die verminkte liggeme van die vermoorde is eers later gevind en op die plek begrawe. Mark Kilian die posryer is ook daar in die ou pad vermoor, en sy beendere het daar op die veld gelê.



### Gedenknaald voor NG Kerk Rustenburg (Pleinstraat)

In 1920 is hierdie gedenksteen opgerig ter nagedagtenis aan die onskuldiges wat by Derdepoort en Kayaseput vermoor is.



In memoriam  
der  
gesneuvelden  
en vermoorden  
te Derdepoort  
en omgeving in November  
1899 en Februarie 1900  
Zij stierven als helden en  
Heldinnen  
voor vrijheid en recht"

**GEDENK-NAALD VOOR KERK**

Hierdie gedenksteen is opgerig ter nagedagtenis aan 29 inwoners van Rustenburg wat werkzaam was by Derdepoort, grensende aan Botswana.

Hierdie 29 onschuldige persones is gedurende die mag van 14 November 1899 tot en met vermoord in 'n groep wrede, wegvlugtige Bantoe wat afkomstig was van Bechuanaland. Hulle moordwapens het bestaan uit assegaaie, knopskerries en vuurwapens.

Die volgende bewering is aangetrek dat hierdie prachtige graniet gedenksteen en die granietsteen is afkomstig uit Rustenburg se distrik en daarover gespeur en gevolkeer deur deur plaslike vakkundiges.

"In memoriam" gesneuvelden en vermoord in te Derdepoort en omgeving, 14 November 1899.

Die 29 onschuldige heldinne voor vrijheid en recht: J.H. Barnard, L. Botha, J. Botha sny, H. Eckard, J.H.C. Verburg, C.J. Schoonraad, B. Pieters, H.R.C. Roux, T.J. van Biljon, O.A. Swart, J. van der Watt, J. van der Watt, Mr. J. Pretorius, C.W. Potgieter, D. Coetzee, A. Kruger, G.A. Rozenboom, Early Angers, Anna Fourie, 'n onbekende, M.W. Rat, J.C.J. van Renn, J. van der Watt, J. van der Watt, J. van der Watt, J.C.J. Eit, J.M. Eit, J.N. Eit, M.W. Kilian.

Kort na die ontdekking van die moord op hierdie 29 persones het 'n sterks kommando vanaf Rustenburg na die plek van die moord gesent om wraak te neem op die Bantoe-moordeurs. Die eerste moordenaars is opgespoor en amal het voor 'n vuurpeloton gestaan.

Wyle dom Pierre Brink, vader van mnr. Casper Brink, huidige L.P.R. vir Rustenburg was 'n lid van daardie kommando. Die destydse Landdros van Rustenburg, mnr. J.C.J. Brink, het self ook deel van die kommando gehad om al die vermoorde te identifiseer en daarna gereel dat die 25 lyke in 'n afsonderlike grafte te ruste gelê word. Dom Pierre het in naamvlei van die kommando aangevraag dat hy die voorvegter, en hierdie naamlys is na Pretoria gevorder, en hierdie naamlys is na Pretoria gesuur, waar die Transvaliese Volksraad die saak besprek het.

Die gedenksteen is in 1920 hoofsaaklik deur die ywer en aanbeveling van wyle dom Pierre Brink opgerig. Dom Pierre het ook gehelp met die bou van ons kerk."

1 6 000 2

**Wyle dom Pierre Brink**

**Pierre Brink**

**Die gedenknaald by die hoofingang van die kerk, ter nagedagtenis aan die 29 inwoners wat vermoor is in Nov. 1899 by Derdepoort. Opgerig 1920.**

**Straksiedsie wat die moord gaan wrekkie.**



KRUGER A.  
ROZENBOOM C.A.  
EARLEY  
ANCERS  
ANNA FOURIE  
J. HELBERY  
ONBEKENDE  
M. N. RAS  
J. C. J. V. RENSBURG  
L. V. WIJK  
L. H. ROUX  
N. GROBLER  
J. C. J. ELS  
J. M. ELS  
J. M. ELS  
M. W. KILIAN

### **Stamboomnavorsing:**

#### **STRÖH**

Frederik Andries Jacobus STRÖH 8/3/1897—23/6/1971 Rustenburg X Aletta Fransinah KILIAN 25/8/1899—27/12/1980

#### **KILIAN**

a Johannes Gregorius KILIAN (Sommerloch Rynland Duitsland) Franciskaanse monnik - Loop weg uit klooster te Brühl. 1769 na SA as soldaat. 1769 lidmaat van NGK. 1778 Burgerregte te Graaff-Reinet. XX Johanna Catharina JOUBERT

b9 Jacobus Nicolaas KILIAN 19/3/1805 Swellendam - 3/6/1881 X Hester Johanna FOURIE (Dogter van Marcus Wynand Fourie)

c3 Markus Wynand KILIAN 29/9/1830 (Waaikraal, Willowmore) - 18/5/1877 X Maria Petronella VOSLOO

d4 Markus Wynand KILIAN 1/5/1869 (Willowmore) - 17/2/1900 (Oorlede op pad na DERDEPOORT, Rustenburg) X Aletta Francinah VAN ROOYEN

e3 Aletta Francina KILIAN X Frederik Andries Jacobus STRÖH

f4 Markus Wynand Kilian STROH X Junita Bekket

Nagevors deur Gys Ströh (Gysbertus Johannes STRÖH 1955/09/02) en Kobie Ströh (Jacoba Salomina HAARHOFF/STRÖH)

#### **Bonne:**

GISA

Eggisa/Library

Historical Encyclopedia of South Africa's North West Province

News 24 Archives

Militaria: Magister-tesis deur kmdt. HJ Botha

Geloftefees 2011(Khayaseput Geloftefees 60 jarige herdenking)

Rustenburg at war - L Wulfsohn





## Erna Buber-de Villiers (gebore Schutte) – Het Oupa oor die tou getrap?

Ek het my bydra vir ons vorige Storiewa so afgesluit: "My doelstelling is om 'n properse boek oor wat my genealogiese navorsing aan die lig gebring het vir my kinders, kleinkinders en ander familielede beskikbaar te maak ... die boek moet klaar vir my 65e verjaarsdag, op 22 Januarie 2014."

Daardie sperdatum skuif ek nou maar aan. Dalk sit ek my boek aanmekaar vir my sewentigste verjaarsdag? Ek bewonder die genealoë wat besluit hul storie is kláár, wat hom dan regskaaf en publiseer. Elke los draadjie wat ek vasgeknoop kry torring weer nog drade los – en die einde is nie in sig nie.

In verlede jaar se uitgawe het ek julle ook vertel van 'n boekie wat ek vetaal het: *Tlou! Tlou! The Elephant-Singers of Botshabelo* (as eboek beskikbaar by <http://www.smashwords.com/books/view/62639>). Dit bevat baie inligting oor my oupa, 'n sendeling uit Duitsland, wat onder die Batloung van Wes-Transvaal gewerk het. 'n Storie daarin het vertel van die twee seuntjies wat aan my oupa en sy kinderlose eerste vrou "geskenk" is. Onder die Batloung was dit gebruiklik om so te maak. Die twee seuntjies, Pietman Shole en Nun Mokone, het in my oupa se huis grootgeword, maar was al jong mans en uit die huis uit toe Opa Vati met my ouma Erna getrou het. Pietman het op die Vrystaatse myne gaan werk en het vervreem geraak van beide sy sendeling-pa en sy stamverband. Nun het 'n onderwyser geword, toe skoolhoof, toe skoolinspekteur. My ma het hom as kind geken en met liefde en bewondering oor hom gepraat.

Ek het Nun Mokone self eenkeer ontmoet. Omdat my pa destyds 'n diplomatieke verteenwoordiger vir Suid-Afrika in Stockholm was, het ons somervakansies by familie in Duitsland deurgebring. Ons was juis daar ten tye van die eeufeesvieringe van Opa Vati se sendinggenootskap in 1957, waarheen Nun genooi is om die Batloung-Christene te verteenwoordig. Ek was agt jaar oud.



### 1957, Duitsland

Die foto langsaan is een Sondag te Gistenbeck geneem. Dis die dorpie waar my Opa Vati gebore is. Nun Mokone is heel links. Hy het daardie oggend by die kerkdiens gepraat. Langs hom staan my ma se niggie, Auguste Wrogemann. Haar pa was ook 'n sendeling, en het saam met my oupa gewerk. Ek het die strepiesrok aan. Langs my is my sussie Frieda. Die jong vrou agter haar is Sanne Henning. Sy is nie familie nie, maar 'n vlugtelingskind uit Oos-Duitsland wat na die Tweede Wêreldoorlog deur 'n ander van my ma se niggies grootgemaak is.

In 2012 het 'n verlangse neef uit Duitsland by my kom kuier. Ons het oor Nun se Duitse besoek gepraat. Michael Bauck het my vertel dat hy destyds nog nooit vantevore 'n swart persoon in lewende lywe gesien het nie. Hy het oor en oor so naby moontlik agter Nun se stoel verbygeloop, waar hy in die eetkamer saam met die ander grootmense aan tafel gesit het. Nun het omgekyk en vriendelik vir die seuntjie gevra: "Wil jy aan my hare vat om te voel hoe dit voel?" Dis presies wat Michael wou doen! En hy het. Die storietjie het my diep ontroer, en ek is seker dat Inspekteur Mokone 'n uitstekende opvoeder was, wat kinders verstaan het.

Die idee dat ek 'n swart oom het – al was hy net my ma se aangename broer – was vir my baie lekker om aan te dink, en ek het later jare gewonder wat van hom geword het. Internet-navorsing het net aan die lig gebring dat hy oorlede is, en dat sy vrou, Priscilla Masenyeki Mokone, 'n na-doodse toekenning (The Bronze Order of the Boabab) van President Jacob Zuma vir haar opbouende gemeenskapswerk ontvang het. Maar toe, soos dit dikwils gaan as mens iets navors, kry ek hulp uit twee oorde: eers nog 'n Duitse boekie, en daarna, heelwat later, 'n telefoonoproep.

Die boekie is uit Duitsland aan my gestuur. **Vater Mokone erzählt** (Vader Mokone vertel) is 'n versameling van die praatjies wat Nun Mokone gedurende sy verblyf in Duitsland aan studente van die sendinggenootskap se kweekskool in Afrikaans gelewer het. Sy woorde is op 'n Diktafoonmasjien opgeneem, getranskribeer, in Duits vertaal en gepubliseer. Ek was baie opgewonde, en het dadelik te werk gegaan aan 'n Engelse vertaling. Ek was seker ek sou heelwat meer oor my Opa Vati en sy eerste vrou (na wie my ma Martha vernoem is) uitvind, en ek het gedink dat die boekie mooi sou aansluit by my **Tlou!** publikasie op smashwords.com.

In my eerste veronderstelling was ek nie teleurgesteld nie. Hier volg een van baie stukkies in die boekie wat my prentjie van my sendeling-oupa 'n bietjie meer vir my ingekleur het:

"It is an old custom among my people that childless couples are gifted with children. And so I came to live with Missionary Schnell, together with another little boy. We were brought up in his house. We slept in the bedroom, and ate at the table. I learnt to speak, read and write German. That which I have become by the grace of God I ascribe to the excellent upbringing I received from my Father and Mother Schnell.

The other little boy given to the Schnell couple was Pietman Shole, youngest son of the Batloung King, Abraham Shole. Pietman was good at singing. I remember the first Christmas Eve after we'd been given to the Schnells. The congregation gathered in the church for the Christmas service, and to see the Christmas tree. After that, our parents and the church leaders went to the mission house to see the family's Christmas tree. Mrs Schnell, Pietman and I stood next to the tree and sang: "The Christmas tree is the loveliest tree". The tree was beautifully decorated. It was the first time we'd seen such decorations. There were little gold and silver pictures. There were gorgeous little angels, and we wished that we could be angels proclaiming the birth of Christ. There were sweets and cakes on the tree. It truly was the loveliest of trees! The second song Mrs Schnell had taught us to sing was Silent Night, Holy Night. Pietman's clear voice soared, and was admired by all. Then we all sang another German Christmas carol together: *O du fröhliche, o du selige, gnadenbringende Weinachtszeit*. Our parents went to their homes, and we stayed at ours. That first Christmas Eve had come to an end. It had made an indelible impression on us. When Pietman and I met in Johannesburg after having been apart for twenty-five years, he asked me about that night. We both shed some tears, of sadness and of joy. We told our wives about that night. We told our children.


Pietman left home and Church many years ago. Both of us stayed with our missionary family until our confirmation, and then came a sad parting of the ways. As happens to young people, my friend Pietman was filled with a longing for adventure. He went to Johannesburg to look for work, and eventually settled in the Orange Free State, where he got married. He never visited his old home again. After many years he came to Johannesburg and met family, friends and his old missionary father. At first he was afraid to look the old man in the eye. He was ashamed that he had not become what his parents and the missionary had wanted him to be. It was only after festivities celebrating Missionary Schnell's fifty years of mission work in Africa (1899 - 1949) that my friend made up his mind to go to see the old man who had brought him up. Pietman went to visit Moruti Schnell in Pretoria, where he was staying with his eldest daughter (from a second marriage). This visit was a great spiritual blessing. Now he became what he was meant to be. He participated in all the services every Sunday, whether or not Missionary Schnell was there himself. We realised that Pietman's goal was not to please the missionary, but his Saviour. He brought his wife and children into fellowship with the congregation and participated in Holy Communion. Sadly, just when the congregation wanted to appoint him as a leader and a missionary-helper, our heavenly Father called him home to Himself. As Christians, we have every hope that his Saviour had a higher calling for Pietman."

Toekoms vir Pietman Shole was onbekend. Sy moes gevrees het dat sy wonderlike huistoekom na beide sy aangename vader, my Opa Vati, en sy hemelse Vader in ons huis in Rietfontein, Pretoria gebeur het, en dat ek dáár moes gewees het, al was ek net 'n baba!

My oupa het na sy vrou se dood op 7 Jan 1948 by sy oudste (en enigste getroude) dogter, my ma, kom woon. Hy was daar toe ek 'n jaar later gebore is, en was deel van my lewe vir die eerste agtien maande van my bestaan. Daarna is my pa oorsee verplaas as diplomatieke verteenwoordiger, en het ek my lieve Opa Vati eers weer in 1954 gesien. Ons was weer oorsee toe hy op 4 Maart 1959 oorlede is.

### Julie/Augustus 1949, 19e Laan, Rietfontein, Pretoria

Ek en my Opa Vati,  
Johannes Heinrich Gustav SCHNELL,  
op ons huis se voorstoep.



In my tweede veronderstelling – naamlik dat die vertaalde Vader Mokone-boekie mooi sou aansluit by my *Tlou!* publikasie op smashwords.com – is ek egter tot op datum teleurgesteld. My teleurstelling hou verband met daardie tweede bron van hulp wat ek nou-nou genoem het: 'n telefoonoproep. Vroeg in Januarie 2013 het 'n man my gebel oor die *Tlou!* boek. Hy is met vakansie in Suid-Afrika uit die VSA, en het die boek by Kgosi Gustav Shole, koning van die Batloung, te sien gekry. (Ek het 'n spesiale gedrukte eksemplaar vir die koning, wat na my oupa vernoem is, laat maak en aan die koning geskenk). Die man wat my geskakel het wou weet waar hy 'n eksemplaar in die hande kon kry, want sy oupa is in die boek.

"Who is your grandfather?" vra ek.

"Nun Mokone," antwoord hy.

Toek oor sy oupa en die familie begin uitvra, en vertel dat ek besig is met 'n vertaling van die praatjies wat Nun Mokone in Duitsland gelewer het, belowe hy om my met sy tantes in verbinding te plaas. Veral één van sy tantes, het hy gemeen, sou baie graag van my wou hoor, want sy is juis besig om haar pa se biografie te skryf.

Dit was toe ook so. In my eerste epos aan hom, om aan aan daardie tante aan te stuur het, het ek gesê:

I am starting to consider adding a short introduction to the little booklet of Nun Mokone's talks. I'll need any information you can supply, like

- date of birth
- date, cause and circumstances around his death (I recall that Kgosi Shole told me that he had a heart attack during a church council meeting, but I'm not sure of the facts)
- stories you were told as a child
- anything else you know about him
- photographs

I will acknowledge you as a contributor, of course.

Epos het onmiddellik tussen my en die tante deur die kuber-ruimte begin heen-en-weer vlieg. Ek het wonderlike foto's van al die Mokone's ontvang, en al die aanvullende inligting wat ek kon gewens het. Ek het geleer dat die Mokone's se huis een van die "safe houses" was waar Nelson Mandela gewoon het tydens sy jare op vlug. Ek en die dame het hegte epos-vriende geraak, en ons het 'n afspraak gemaak om mekaar by die Lutheran Theological Seminary in Pretoria te ontmoet. Ek het verneem dat 'n versameling van die reeks Setswana skoolboeke wat Nun Mokone geskryf het dalk daar te sien mag wees. My nuwe vriendin wou hulle baie graag bekom. Ons het daardie dag urelank lekker saamgekuier, en dit was vir my heerlik om my swart "niggie" beter te leer ken. Ek het haar bewonder. Sy het haar doktorsgraad in die VSA behaal, waar sy al die jare "in exile" was.

Toe kom die dag wat die manuskrip van my vertaling van haar pa se praatjies klaar was, aangevul met al die foto's en inligting wat ek by haar gekry het, en ek stuur dit toe vir haar vir kommentaar. Ek hoor niks. Baie snaaks, want gewoonlik hoor ek per terugkerende pos onmiddellik van haar.

Ek skryf 'n epos:

I am getting quite anxious. My mind is telling me all kinds of stuff, like: "She hates it!" Could you put me out of my agony? Please tell me of any reservations you might have, or if you want me to take out anything, like any of the photos you sent me, which might be private. You might even want to add your own "take" on your dad's talks? Maybe you've just not had a chance to read it or discuss it with your sisters, and I am worried for no reason.

Sy bel my toe, en nooi my na haar spoghuis in noordelike Johannesburg. Twee van haar susters sou ook daar wees, maar op die ou end is dit net ek en sy. Ek kan sien sy is gespanne en ongemaklik. Na 'n ruk kom dit uit: "My sisters said they do not want their children to read that book. It would create a wrong impression of their grandfather, because it does not sound like our father speaking. We do not recognise him at all." Ek stel voor dat sy 'n voorwoord skryf waarin sy haar bedenkinge uitspel: dat Mokone destyds as gevolg van die status quo baie versigtig moes wees oor wat hy in die openbaar sê; die feit dat nuances wat teenwoordig is by die gesproke woord verlore gaan as dit neergeskryf word; die probleem van vertaling en her-vertaling; ensovoorts. Ons praat heen-en-weer, sy sê sy sal daaroor dink. Toe ek opstaan om te ry, sê sy skielik: "I don't suppose your mother knew that she had a black sister?"

"My mother had a black sister? What do you mean?"

"Yes. Your grandfather had an affair with a black woman on the mission station."

Ek was heeltemal uitgeboul, maar ook baie opgewonde. Het ek sowaal regte, egte Tswana **bloed**familie? Ek wou alles weet. "Alles" was bittermin. Die buite-egtelike dogter se naam was Sophie, en sy is 'n paar jaar terug in Soweto oorlede. Sy het 'n dogter Ivy gehad. Dié woon in Pretoria, en is vriende met een van die Mokone susters. Dalk kan ek haar vra vir meer inligting, soos haar ma se geboortedatum? Maar Ivy wil nie met my paat nie, word ek die volgende dag per epos vertel, en ek mag nijs van die materiaal wat aan my gestuur is in my vertaalde boekie gebruik nie. Van toe af: doodse stilte. Vanaf daardie dag, 5 Junie 2013, word geen epos wat ek stuur of oproep wat ek aan enige van Nun Mokone se familielede maak ooit weer beantwoord nie. Dis 'n doodloopstraat. Ek kan nie eers uitvind wat Sophie en Ivy se vanne is nie.

Ek het deur die sendinggenootskap al die adresse van die huidige leraars van die gemeentes in my Opa Vati se sendingdistrik bekom, en aan almal geskryf om uit te vind of hulle geboorteregisters het vir die vermeende tydperk. Geen enkele antwoord gekry nie. Wat ek baie graag wil uitvind is die datum van my oupa se vermeende buite-egtelike kind se geboorte. Het hy die kind verwek gedurende die veertien maande van sy wewenaarskap, ná sy geliefde eerste vrou oorlede is (10 Maart 1920) en voordat hy met my ouma getrou het (19 Mei 1921)? Ek kan verstaan dat 'n eensame man kan swig voor versoeking. Die familiestorie wat ek deur my kinderjare gehoor het, is dat my ouma, Mutti Erna, koshuismoeder te Wittenbergskool op Piet Retief was toe my oupa die skoolhoof daar gaan sien het oor 'n geskikte vrou. My aangetroude Tante Edith meen egter dat Mutti Erna voor haar troue by 'n afgetrede Lutherse pastoor as huishouster gewerk het. Die ou pastoor het haar glo gevra "Dink jy nie dis jou plig as Christen om met die arme, eensame ou sendeling te trou nie?" Opa Vati was 25 jaar ouer as my ouma. Miskien dui die pastoor se woorde op iets wat hy geweet het - 'n skandaal wat toegesmeer is? Of... is die hele ding 'n versinsel? Kan dit wees dat ek gedreig is met die uitlap van ongure feite oor **my** oupa, mits ek 'n boekie publiseer wat 'n ongewenste beeld van 'n **ander** oupa skep?

Die vertaalde Mokone-boekie sit op my rekenaar. Ek het nog nie besluit wat om daarmee te maak nie. Genealogie is vol slaggate.





## Hennie Steyn - Die Liebenberg grafte

Ek is op 21 April 1939 gebore in Brakpan, en het in Leslie my skoolloopbaan begin. Daardie dae mag 'n kind nie begin skoolgaan voordat hy ses jaar oud was nie. Dit het beteken dat die kinders wat aan die begin van die jaar skooltoe is, ses maande voorsprong gehad het voor dié outjies wat eers in Julie opgedaag het. Omdat ek in April verjaar kon ook ek eers in die middel van die jaar skooltoe, en daarom is ek tot vandag toe nog ses maande agter met alles.

Later jare het ek in 'n skolkoshuis gebly. Een oggend kyk die matrone ontevrede na my hemp wat uithang en vra, "Steyn, is jy so gebore?" Toe antwoord ek, "Nee, Matrone, ek is so geslaan."

Tydens my kinderjare het ek nooit in die familie se herkoms en hulle kom en gaan belang gestel nie. Dit het egter verander na my Vader se dood, toe my Moeder by my aan huis gekuier het. Sy het haar verjaardagboekie met haar saamgebring. Net daar het ek besluit ek vra uit en skryf alles af wat sy te vertelle gehad het. Gedurende daardie tyd koop ek toe 'n tweedehandse rekenaar, en met die program Kwatropro teken ek my eerste staafdiagramme. Later bekom ek 'n program genaamd Generations 8, wat net soos Legacy al mens se navorsing mooi boekstaaf.

Op 'n dag het Theunis Brummer my saamgesleep na die genealogiese groep wat destyds by die Vaaldriehoekkampus van Potchefstroom Universiteit vergader het. Hier het ek met baie fasette van die GGSA organisasie vertroud geraak.

Ek en David van der Merwe woon op 'n dag 'n vergadering op Baskop in die Vredefort Koepel by. Ek vra die voorsitter om my ,n geleënheid te gee om die vergadering toe te spreek oor navorsing wat ek en David gedoen het rondom die Liebenberg-moorde wat 175 jaar gelede in daardie omgewing plaasgevind het. My versoek word toegestaan, en by my tuiskoms kry ek 'n brief van Prof. Hans du Plessis , Direkteur ATKV-skryfskool, Noordwes Universiteit, Potchefstroomkampus. Hy skryf:

Beste Hennie

By die skrywersdag op Baskop het jy 'n interessante brokkie nuus gehad oor die grafte van die Liebenbergs. Jy het ook verledejaar 'n berig daaroor in die Vaalweekblad gehad.

Ek het die afgelope jaar of twee intensief navorsing gedoen oor daardie deel van die Groot Trek.

Ek glo dat jou storie, nl. dat die Liebenbergs op Kopjeskraal begrawe is, korrek is. Ek wil net weet op watter inligting jy die mening grond? Ek vermoed maar net so omdat daar nie grafte by Liebenbergskop is nie, en omdat die hoeveelheid grafte op Kopjeskraal te veel is vir die gesneuweldes by die Vaalrivierslag.

Vriedelike groete

Hans du Plessis

My antwoord, gedateer 2011-03-15, is soos volg:

Onderwerp: Liebenberg Koppie/Grafte.

Beste Prof Hans,

Die volgende gebeure staaf my studie rondom die grafte by Kopjeskraal.

Die vorige eienaar, Mr Gerrit van den Berg, het die plaas gekoop by een Mr van Coller. Gerrit leef nog en hy het aan my persoonlik bevestig dat, volgens oorlewering, die één groep grafte aan die Liebenberglaer behoort, wat daar ter ruste gelê is.

Party van die tweede groep grafte het nie kopstene nie, maar daar is wel die volgende vier kopstene te sien:

- Salomina Maria Prinsloo (Senekal) \*24 Jul 1866 †28 Jun 1943 - Mat 19:14

- Ignatius Michael Prinsloo \*26 Jul 1858 †24 Mei 1950 - Ps:116:
- Hier rus my broer David FP Prinsloo \*1-1-1893 †29-7-1952 - Ps25:1
- In Liefdevolle herinnering aan my dierbare eggenoot Jan Petrus Barnard \*24-9-1885 †2-11-1957 Ek gun u die rus.

Die Klipgrafe sonder grafstene in hierdie tweede groep mag moontlik ook die laaste rusplek van 'n aantal Voortrekkers wees wat in 'n laer gesterf het wat later aangeval is, maar ek het dit nie nagevors nie.

Gerrit van den Berg het die plaas aan Dr. Theron verkoop. Na Theron se afsterwe erf sy dogters die grond. Die Theron kinders het op die plaas grootgeword en is later getroud. Twee van hulle woon vandag nog op die plaas. MnR Cor van den Berg (die huidige eienaar) het aan my, David van der Merwe en mnR Jan Fourie ('n plaaslike toerleier) die Liebenberg grafte uitgewys. Dat dit die regte plek is word gestaaf deur wat ons weet van die feite oor die gebeurtenis.

Sake staan so:

1. By die Liebenbergkoppie is 'n bronsplaat aanbebring met die volgende gegewens daarop: 'Op 22 Augustus 1836 het die Matebeles die Liebenbergslaer en hulle nie-blanke bediendes wat hier gestaan het aangeval en uitgemoor.' (Die historiese Monument-kommissie het die datum verkeerd. Dit moet lees 25 Augustus.)
2. Colin Pretorius vertel die verhaal in sy boek 'Die Voortrekkers' - The story of the Great Trek and the making of South Africa. In sy boek meld hy die getal sterftes as 24. Hy vertel ook dat Johannes Botha en Herman Steyn die terrein by die koppie opgeruim het, en wat oor was nadat hulle hul Laer stroomaf geneem het.
3. Die plek waar ons die grafte ontdek het, is bebos, en 'n proses om dit op te ruim is aan die gang gesit. Die eienaars is oop vir voorstelle oor hoe om die volgende stap te benader. David van der Merwe is inskiklik om heining-material te skenk, en sal 'n rots uit die omgewing van die Liebenbergkoppie bekom en grafeerwerk daarop laat doen, soortgelyk aan die op 'n grafsteen.
4. MnR Cor vd Berg het ons op die toneel die plek aangewys waar die Voortrekkers hul waens oor die rivier gebring het. Dit is positief dat mens selfs vandag nog in staat sal wees om ossewaens daar oor die water te bring. Cor het verder die moontlike plek vandaar uitgewys, waar die Laer van Johannes Botha en Herman Steyn staangemaak was. Met die rivier aan die een kant, 'n hoë koppie aan die ander kant en 'n vlakte aan die derde kant maak dit vanselfsprekend die gesikte plek.
5. Omdat dit veiliger was om lyke saam te bring na hulle laer toe, het hulle ook naby 'n gesikte plek gesoek om mense te begrawe. Volgens Colin was daar 16 nie-blanke bediendes, en ek het die name en geboortedatums van 9 blankes. Dit bring die totaal op 25 te staan. Voeg miskien hier die Engelse onderwyser en sy vrou wat Colin van praat in sy boek by en dan praat ons van 'n totaal van dalk 27 mense wat daar gesterf het.
6. Ons wag op die opruiming van die bosse wat die klipstapels toegegroei het. Met die tel van die grafte sal ons meer duidelikheid verkry.

GPS: 26°53'44.32" S; 27°23'10.23" E

Ter afsluiting volg 'n oorvertelling van 'n berig wat in die Bloemfontein "Friend" op Donderdag 13 Oktober 1938 verskyn het, onder die opskrif **The Story of the Liebenberg Massacre - Children saved by Native girl.**

Een van die nasate van mense wat die moord oorlewe het vertel wat werklik daar gebeur het. Die dame vertel die verhaal soos haar moeder en 'n oom dit aan haar beskryf het.

Sy vertel dat die trek bestaan het uit drie broers en hulle eggenote. Slegs een gesin kinders gehad het – die gesin van haar oupa en ouma. Die vier kinders was Marie (Malie), Elizabeth Louisa (die verteller se ma), Martha, en Barend. 'n Bediende was met die kinders by die rivier om hout te gaan haal toe die aanval plaasvind. Sy het die kinders laat wegkruip tot alles still geraak het. Elizabeth Louisa was toe omtrent agt of tien jaar oud, en die baba omtrent twee. Die vier kinders is toe later deur oom Apie Strauss ingeneem. Hy het in die distrik Edenburg gebly. Malie het later met Dawid Strauss getrou. Martha het met Piet Liebenberg getrou en hulle het naby Belmont stasie gewoon. Barend het op 'n plaas naby Edenburg gebly wat deur eine Manley besit was, en die verteller se moeder, Elizabeth Louisa, het met Andries Petrus Lubbe getrou, 'n jong boer van Fauresmith distrik. Andries Petrus was teenwoordig by die slag van Boomplaas. Hy het twee van sy plase by die Griqua Ou Jacob Jaars gekoop. Haar pa en ma moes op Colesberg getroud raak omdat die dominee daar beskikbaar was. Hulle het hulself op die plaas Titus in Fauresmith distrik gevestig. Mnr AP Lubbe was 'n lid van die Vrystaatse Volksraad.

Hierdie verhaal was vertel aan Sir George Cory wat belowe het hy sal dit in die argiewe plaas.

Gegrond op bestaande inligting het ek die name, geboorte- en sterfdatums van al die Liebenbergs en hulle gades wat by die Liebenberg slagting oorlede is. Ek dank u vir die navraag en is oortuig dat ons nie die kat aan die stert beet het nie. Die plaaseienaar, Jeanne-Marie van den Berg, wil graag dat ons die 175 jaar wat verloop het, hierdie jaar op die toneel sal herdenk. Dalk kan ons die nasate nooi om daarin te deel.

Groete  
Hennie Steyn

Dr Hans du Plessis het my op 15 Maart 2011 geantwoord, en my studie gestaaf. Hy het onderneem on dit met die Erfenisstigting op te neem, en vertel dat hy reeds met die Voortrekker monument daaroor geskakel het. David het reeds 'n steen geskenk en dit is opgerig en onthul. Dis vir my baie bevredigend om te weet dat ek iets tot ons volkserfenis kon bydra.



Hierdie is 'n illustrasie uit die boekie

*Tlou! Tlou! The Elephant-singers of Botshabelo* deur Dr Friedrich Dierks.

Die kunstenaar se naam is Erwin Wohlfeil.

Die tekening wys nog 'n moorddadige slagting deur die Matabele hordes, hierdie keer van 'n Batswana-stam, die Baphiri. Daar het 'n klein handjievol mense ontkom. Hulle het jarelank gevlug en weggekruip en hongergely. Mzilikazi se terreur is op swart sowel as blank uitgeoefen, totdat hy deur die Voortrekkers oor die Limpopo verdryf is. - Erna



## Renier Feldtman – Twee lekker stories

Raar maar waar – dis wat mens sulke vertellings moet noem, en dis hierdie juwele wat ons werk as genealoë so genotvol maak. Dis lekker om hulle te ontdek, en dis lekker om hulle vas te lê en met ander te deel.

Renier het altwee stories al op 14 Augustus 2013 ingestuur – laat dit vir ons almal tot voorbeeld strek, en mag die bydraes vir ons volgende Storiewa hierdie jaar die sperdatum haal! - Erna

### Die eerste storie:

#### Lyk verskyn ongeskonde uit die see na sowat sewe maande

Hierdie merkwaardige verhaal is vertel tydens 'n onderhoud wat ek gedurende September 2007 met Tannie Ivy Wolfaardt (née Feldtmann) in Noordhoek, Kaapstad, gevoer het.

Tannie Ivy se jonger broer, Joseph Henry FELDTMANN, is op 22 April 1926 in die Knysna omgewing gebore. Aan die einde van 1943 het hy sy skoolloopbaan voltooi. Op 'n dag gedurende Januarie 1944 het Joseph saam met familie en vriende na die strand by Robberg buite Plettenbergbaai gegaan. Gedurende die dag was die sewentienjarige Joseph een van die hengelaars onder die groep wat vanaf die rotse by die sogenaamde 'Blaasbalk' gehengel het.

Terwyl hulle van die rotse af visgevang het, het daar meteens 'n groot brander aangekom en Joseph van die rotse afgeslaan! Hy het nie weer tevoorskyn gekom nie en die mense op die strand kon ook nie by hom uitkom nie. Hulle moes maar sy lyk aan die see oorlaat.

Volgens Ivy het die gesin sowat sewe maande later weer op 'n dag na die strand gegaan waar die treurspel plaasgevind het. Wat was hul verbasing groot toe hulle daar kom – Joseph se lyk het ongeskonde op die strand uitgespoel! 'n Mediese dokter het glo later gesê die seewater het gehelp dat die lyk nie ontbind het nie.

Wanneer mens so 'n storie hoor is jy van nature baie skepties. Die verhaal is egter beaam deur Ivy se jonger suster, Celeste, wat ook tydens die onderhoud teenwoordig was. Celeste was byna 8 jaar oud tydens die betrokke voorval en sy sou die gebeure tog sekerlik onthou het.



Gedurende September 2009 was ek en my vrou met vakansie in die Plettenbergbaai en Knysna omgewing. Tydens die vakansie het ons, as deel van my navorsing, die 'ou' en 'nuwe' begraafplase van Knysna besoek. Hier het my vrou die grafsteen van Joseph in Knysna se 'ou' begraafplaas ontdek.

Die inskripsie op die grafsteen het met verloop van tyd baie verweer, maar met behulp van 'n stukkie bordkryt kon ons die bewoording weer redelik leesbaar maak. Die bewoording op die grafsteen lui as volg: "In tere herinnering aan ons dierbare seun en broer JOSEPH HENRY FELDTMANN geb 22 April 1926 op tragiese wyse omgekom in die see 22 Jan 1944 en hier ter aarde bestel 6 Sept 1944".

Tussen die sterf- en begrafnisdatum is daar sowat sewe maande verskil. Dit staaf dus die storie wat ek sowat twee jaar tevore gehoor het.

FORM OF INFORMATION OF A DEATH.  
AANGIFTE VAN 'N STERFGEVAL.

(As No. 17 of 1923.—Wet No. 17 van 1923.)

WARNING.—The penalties for false statements wilfully made are the same as those for perjury.  
WAARSCHUWING.—Die straf vir valse verklarings met opset, is dieselfde as die geval van misleiding.

## DECEASED.—OORLEDENE.

1. Christian names and surname Joseph Henry Feldtmann  
 2. (a) Name of parent or guardian (if deceased was under the age of ten)  
 (b) Naam van ouer of voog (as oorledene onder die ouderdom van tien jaar was)
- (b) Place of residence of mother\*  
 (b) Woongplek van moeder\*
3. Sex Male 4. Age 17 years 5. Race European  
 Geslag Ouderdom Ras
6. Birthplace South Africa 7. Whether single, married, divorced, widower, or widow Divorced  
 Geboorteplek Ongestroom, getroud, geskei, wewenaar of wedhuwee
8. Occupation Skietstutter  
 Dierop
9. Trainer or dependent or pensioner See  
 Gepeisooneerde of afhanglike van gepeisooneerde
10. Date of death Three - en twintigste Januarie 1944  
 Datum van afgestorwe
11. Place of death Rooiberg  
 Plek waar oorlede
12. Usual place of residence Houtbaai  
 Gewone woonplek
13. Intended place of burial Liggaa nie gevind  
 Voorgesepte begraffplaek
14. Causes of death  
 Die oorsake van dood van 'n moeder wanneer sy gebore is aan 'n kind, moet die woorde "eerste kind" of "nie eerste kind nie" ingesluit word.  
Die belang van gelukkige Berigkouing word hier bygevoeg dat die voor die oorlede
15. Duration of disease or of last illness Three weeks  
 Durasie van ewe naaste siekte
16. Name of medical practitioner AJ SERFONTEIN  
 Naam van geneeskundige praktikant
- INFORMANT.—BERIGGEWER.
17. Original signature (or mark) Republiek 18. AJ SERFONTEIN  
 Hier handtekening of merk
19. Qualification Magistraat wat lykskouing gehou het  
 Hoedanigheid
20. Residence Die Residensie, Houtbaai  
 Woonplek

This margin must be left blank for binding purposes.—Hierdie ruimte moet oopgehou word vir inbinding.

To be filled in when the form is signed before a Justice of the Peace or Police Officer.  
 Moet ingevul word wanneer die vorm voor 'n beriggever of polisieagent geteken word.Signed before me at \_\_\_\_\_ on this the \_\_\_\_\_  
 Geteken voor my te \_\_\_\_\_ op hede die \_\_\_\_\_day of \_\_\_\_\_ 19\_\_\_\_\_  
 dag van \_\_\_\_\_

Justice of the Peace or Police Officer.—Beriggever of Politieagent.

The following spaces are reserved for the use of an Assistant District Registrar and of the District Registrar.  
 Die volgende ruimtes is vir die gebruik van die assistent-districtregistrator en van die distrikeregistrator.When registered or received 27. 3. 1944 19\_\_\_\_\_ Station Standplaas  
 Wanneer geregistreer of ontvang(Signature) Republiek Assistant District Registrar  
 (Handtekening) Republiek Assistent-districtregistratorWhen registered 27. 3. 1944 19\_\_\_\_\_ District District  
 Wanneer geregistreer(Signature) Republiek District Registrar  
 (Handtekening) Republiek DistrikeregistratorNo. of inkstryking 12 No. van instryking\* To be given in the case of an infant less than 1 year who dies in the institution where it was born.  
 \* Moet aangegee word in die geval van 'n kind onder 1 jaar wat sterf in die instigting waarin dit gebore is.For instructions see reverse of form.  
 Vir instruksies sien agterkant.

Willieta de Swardt van Wittedrift is tans besig om deur die 'Cape Civil Death' rekords op FamilySearch se webwerf te werk op soek na familie van die Plettenbergbaai en Knysna area waaraan sy navorsing doen. Ek en sy het mekaar tydens my vakansie van 2009 in Wittedrift ontmoet en ons het sedertdien kontak behou. Alles wat sy gedurende haar soektog oor 'n Veldman raakloop, stuur sy vir my. So ontvang ek onlangs 'n foto van die 'Aangifte van 'n sterfgeval' van een Joseph Henry Feldtmann!

Die dokument bevat heelwat verwarringe inligting. Die sterfdatum word wel as 22 Januarie 1944 aangegee en daar word gemeld dat die 'Liggaa nie gevind' is nie. Oorsaak van dood word aangegee as 'Lykskouing gehou – Bevinding: Dood toe brander die oorledene van die rots per ongeluk afgespoel het'. Die Beriggewer was die Magistraat, mnr AJ Serfontein. Die hoedanigheid waarin hy dit gedoen het, was 'Magistraat wat lykskouing gehou het'.

Ek vermoed egter dat hierdie laaste inligting foutief is. Hoe kan 'n Magistraat 'n lykskouing hou? Dis tog immers die taak van 'n mediese dokter. Die Magistraat het sekerlik in hierdie geval net die dood bekragtig.

Die dokument is deur die Distrikeregistrator op 27 Maart 1944 onderteken – net meer as twee maande na Joseph se dood.

Hier volg die tweede storie:


## Polisieman vang sy eie moordenaar

Hoe raar hierdie opmerking (of opskrif) ookal mag klink, dit is die waarheid.

Hierdie is een van die interessante stories wat mens teëkom wanneer jy familienavorsing doen. Ronnie Veldtman van Boksburg het my hierdie merkwaardige verhaal gedurende Oktober 2007 vertel van een van sy ooms wat sy eie moordenaar gevang het – voorwaar 'n unieke gebeurtenis in die wêreld! Die verhaal is ook in meer as een tydskrif of dagblad sedert die gebeurtenis gepubliseer.


In die dagblad *Die Vaderland* van Vrydag, 14 Februarie 1958, is die verhaal vir die eerste keer vertel. Die titel van die berig was **Konstabel Het Sy Moordenaar Gevang**. Die verslaggewer wat die berig geskryf het, het die feite die vorige aand tydens 'n geselligheid gehoor waar twee polisiemanne hul vier-en-twintig jaar diens in die polisie gevier het. By dié geleenthed is die betrokke gebeurtenis in herinnering geroep. Beide polisiemanne was tydens hul opleiding saam met Konstabel Veldtman in die Polisiekollege en het ook saam met hom by die Jeppe Polisiestasie gewerk.

Konstabel CJ Veldtman



Die tweede publikasie waarin die storie verskyn het, was in die tydskrif *Die Brandwag* van 18 Augustus 1961. In hierdie tydskrif was dit die laaste aflowering in 'n reeks getiteld ***Manne wat die dood verag***. Dit was 'n heel gedramatiseerde weergawe van die aand se gebeure, maar die hele artikel was basies gegrond op die berig wat in *Die Vaderland* van 1958 verskyn het!

Op Vrydag, 30 Julie 1982 het 'n korterige berig oor die gebeure in die BENONI CITY TIMES en OOSRANDSE NUUS verskyn saam met 'n foto van Ronnie Veldtman en 'n Mev Dorfling wat die helm vashou wat Konstabel Veldtman die betrokke aand gedra het.



Die drama het hom soos volg afgespeel:

"Konstabel Cornelius Johannes Veldtman was die aand van 18 November 1938 in Maddisonstraat, Jeppe, Johannesburg, aan diens. Teen ongeveer 9-uur die aand was hy naby 'n hotel op die hoek van Maddison- en Marshallstraat. 'n Persoon het uit die hotel gekom, sterk onder die invloed van drank. Hy het twee dames wat daar naby gestaan en gesels het, begin beleidig en aanmerkings teenoor hulle gemaak. Aanvanklik het hulle die man geïgnoreer, maar omdat hy aanhoudend beleidigende aanmerkings teenoor hulle gemaak het, het hulle Konstabel Veldtman genader en die saak by hom aangemeld.

Konstabel Veldtman het na die man gestap en hom aangespreek, maar hy was egter nie in 'n bui om te luister nie. Hierop het Konstabel Veldtman gesê dat hy hom dan maar na die polisiestasie sal moet neem.

En net daar het die drama begin!

Die man, een Peter Scott, 'n mynwerker, het 'n rewolwer uitgepluk en Konstabel Veldtman deur sy maag geskiet. Hierna het Scott op die vlug geslaan. Ondanks die wond het Konstabel Veldtman hom agternagesit.

'n Verbyganger, Northam Lukman, wat in sy motor daar verbygery het, het die drama gesien en stilgehou. Konstabel Veldtman het in Lukman se motor gespring en saam het hulle Scott agternagesit. By 'n voetganger-brugjie in

Julesstraat het Scott vasgesteek, omgekyk en toe die bruggie opgehardloop. Konstabel Veldtman het uitgespring en Scott weer agternagesit. Toe hy bo kom, het Scott omgedraai en nogeens 'n paar skote op Konstabel Veldtman geskiet waarop 'n koeël hom op die kenteken van sy helm getref het, reg voor sy kop.

Konstabel Veldtman het teruggesteier waarna Scott hom bestorm het. In die daarop-volgende struweling het Konstabel Veldtman daarin geslaag om sy boei af te haal, Scott se linkerhand vas te gryp en die boei om sy arm te slaan. Met die ander arm van die boei in sy hand het Konstabel Veldtman ineengestort.

Konstabel Veldtman se greep was 'n stuip trekking, maar Scott kon nie wegkom nie! So is die moordenaar deur die slagoffer self gevang!

Twee ander persone, ene Baker en Shannon, het gedurende die episode ook op die toneel verskyn. Saam met Lukman het hulle die bruggie opgehardloop en gesien dat Konstabel Veldtman in die kop geskiet was. Twee rewolwers het daar naby op die grond gelê. Die manne het Scott geboei en na die polisiestasie geneem. Konstabel Veldtman is na die Johannesburg Algemene Hospitaal geneem waar 'n operasie vroeg die volgendeoggend op hom uitgevoer is.

Konstabel Veldtman is egter om 16:15 op 22 November 1938 oorlede. Sy moeder en suster het van Port Elizabeth af gekom en was teenwoordig toe hy oorlede is.

Scott is later voor die hof gedaag waar hy aan moord skuldig bevind is. Omdat daar versagtende omstandighede was, is hy tot 15 jaar gevangenisstraf gevonnis."



Om hierdie heldedaad van Konstabel Veldtman nie te vergeet nie, het sy makkers 'n borsplaat van wit graniët vir hom in die polisiestasie van Jeppe laat aanbring.

Een van bogemelde artikels het melding gemaak van hierdie gedenkteken. Na baie gesukkel en vele afsprake het ek uiteindelik daarin geslaag om by die terrein van die poliekantoor in Jeppe in te kom en is ek na die gedenktekens vir polisiemanne geneem. Daar kon ek die meegaande foto van die gedenkteken neem wat die storie dan ook bevestig.

#### **Borsplaat vir Konstabel CJ Veldtman:**

Ter gedagtenis aan wyle Konstabel C. J. VELDMAN,  
beswyk 22 November 1938,  
weens skietwonde opgedoen  
tydens die uitvoering van sy pligte in Jeppe.

*"Getrou tot die end  
en het self  
sy moordenaar arresteer"*

Deur sy kamerade opgerig.





## Wilna Venter née van den Berg – Die ring was die ding

Ek woon in Vanderbijlpark, en kom oorspronklik van Sasolburg. Die voorsate wat ek navors kom van ver af.

Met my 50ste verjaarsdag in 2007 het ek en my suster in George gekuier, by ons tantes Marie en Careen née LOUW. Hulle het vir my 'n verassing gehad...

Daar ontvang ek toe Ouma se **trouing!** Die ring wat Oupa tagtig jaar vantevore aan haar vinger gesteek het: "With this ring..."



Oupa Rudolph Marthinus LOUW  
en Ouma Wilhelmina Catharina Louw née SMITH  
se troue, 5 Junie 1927



Die montering van Ouma se ring was oorspronklik plat, en die diamantjies was gesink. In 1961 is dit hermonter, en dis hoe dit vandag nog lyk.

Ek het nie eers geweet van Ouma se wens nie. Sy het gevra dat haar ring éérs na haar oudste dogter gaan, en daarna na haar oudste kleindogter. My Tannie Joey, die oudste dogter, is aan die einde van Julie 2007 oorlede, en nou word ek die ring se erfgenaam. Wat 'n wonderlike geskenk! Ek het haar naam, en nou ook haar ring... Dit het 'n groot effek op my lewe gehad, want net daar byt die gogga my. Ter nagedachtenis aan my ouma besluit ek om die Louw familie na te vors, en ek sluit mettertyd aan by die Vaaldriehoek tak van die Genealogiese Vereniging van Suid Afrika.

Vir vyf jaar lank - van 2007 tot 2012 - sing ek dieselfde deuntjie: ek soek na my oupa se pa, Oupagrootjie Jan Leendert LOUW. Almal weet ván hom, en elkeen van sy kinders het 'n seun genaamd Jan Leneord, en daar is selfs kleinseuns met die naam, maar niemand weet enigiets óór hom nie. Wanneer en waar is hy gebore? Waar is hy oorlede? Waar het hy gewoon?

My tantes kon net onthou dat hulle ma - my ouma - altyd gesê het dat haar skoonpa al oorlede was toe sy en Oupa getroud is. Ek het onthou dat Ouma my vertel het dat Oupa se mense van Petrusburg af gekom het. Na 'n lang gesoek kom ek toe agter dat ek haar moontlik verkeerd verstaan het. Was dit dalk **Petrusberg**, in die distrik Fauresmith, in plaas van **Petrusburg**?

Eers aan die begin van Oktober 2013 doen die geleentheid hom voor dat ek Barkly Wes kan besoek. Dis waar Oupa en Ouma Louw baie jare gewoon het, en waar ons as kinders gaan kuier het. Oupa is daar in 1972 oorlede en begrawe, en ek besluit om by die begraafplaas ondersoek in te stel. Daar kry ek toe ook die grafsteen van sy ouers... maar sonder enige datums daarop. Terug na waar ek was! Ek het nog steeds nie 'n enkele datum nie.

Ek begin sterftekennis deursoek, van jaar tot jaar tot jaar. Oupagrootjie s'n moet tog iewers wees! Laat een nag, moeg gesoek, en amper moedeloos oor die onmoontlike taak... dáár lees ek hom raak! Ek hét hom! Jan Leendert Louw - Sterfdatum 17 Desember 1926! My luide gejuig en vreugde-gille jaag die hele huishouding op hol.

In Januarie 2014 het ek weer my tantes besoek. Ek vra of hulle dalk vir my enige material het wat my met my navorsing sal help. Die een sê sy twyfel of daar enigiets is... maar hulle begin soek. Hulle bring toe vir my albums vol foto's. Daar is ook bladsye van vertellings oor wat hulle nog kan onthou. Dis 'n skat, en ek is in my noppies! Dit wys jou net. Nou kan daar flink gevorder word met die Louws van Griekwaland Wes se stamboom!

This margin must be left blank for binding purposes.—Dane ruim moet leeg bly vir binde.

Act No. 17 of 1926 — Reg. No. 17 from 1926  
WITNESS.—The person or other persons attesting this document are bound to verify the contents thereof.  
**DECEASED - OVERLEDENE**  
1. Christian Name and Surname.  
Estherina on Louwens

2. (a) Name of Parent or Guardian if deceased was under age of 18.  
Name van Ouder of Vangt indien overledens was onder die oogsteling van dieselfde was:

3. (b) Place of Residence of Mother.  
Woonplek van Moeder:  
Witbank

4. Age \_\_\_\_\_ 64 years  
Gesluter  
5. Sex \_\_\_\_\_ Female  
Gesluter  
6. Race \_\_\_\_\_ Coloured  
Rasse \_\_\_\_\_ Kooloured  
7. Whether Single, Married, Divorced, Widower, or Widow.  
Of gesingel, getrouwe, geskeduleerde, wedwisper, of wedwisper  
8. Marital Status \_\_\_\_\_ Married  
Status getrouwe  
9. Employment \_\_\_\_\_ Retired - stopped working at age 50.  
Besigheid \_\_\_\_\_ Pensioen - stoppend werk aan die leeftyd van 50.

10. Previous or Dependents of Person.  
Geen voorvaders of Afhanklik van Geenvoerders

11. Date of Death.  
Datum van Oortgaan:  
12. Place of Death.  
Loope - Barkly West  
Place Where Died:  
13. Usual Place of Residence.  
Gewone Woonplaats:  
Loope - Barkly West

14. Intended Place of Burial.  
Vergaderende Begraafplaas:  
Barkly West  
And place, & date dying.

15. Duration of Disease or of Last Illness.  
Die duur van die laatste krankheid:  
about 12 years

16. Cause of Death.  
Oorsake van Dood:  
Knoede - Barkly West

**INFORMANT - DERGEGROETVIER**  
17. Usual Address (of Barkly West)  
Knoede - Barkly West

18. Qualifications  
Bekwaamhede  
19. Relationships.  
Verhouding  
20. Signature.  
Handtekening

To be signed in witness where the person or organization before whom it is signed is a Justice of the Peace or Police Officer.  
Die persoon of organisasie voor wie dit geskryf word moet handteken om te bewys dat die persoon 'n Politieagent is.

Signed before me on the \_\_\_\_\_ day of \_\_\_\_\_  
Signed before me on the \_\_\_\_\_ day of \_\_\_\_\_  
Signed before me on the \_\_\_\_\_ day of \_\_\_\_\_  
Signed before me on the \_\_\_\_\_ day of \_\_\_\_\_

Signature of the Informant \_\_\_\_\_  
Signature of the Justice of the Peace \_\_\_\_\_  
Signature of the Police Officer \_\_\_\_\_


For following section see reverse of this form.  
See the following section see reverse of this form.

**Bo:** Oupa-grootjie se sterftekennis

**Regs bo:** My vyftigste verjaarsdag, waar dit alles begin het. v.l.n.r is ek (Wilna), Tannie Nonnie (Careen se skoonma), Sulet (my suster), Tannie Marie en Tannie Careen (wat net sewe jaar ouer as ek is – en daarom noem ek haar gewoonlik sommer op haar naam, sonder die 'Tannie').




**Onderste foto:** Hier kuier ons weer in Januarie 2014 in Hoekwil, net buite Wildernis, in Tannie Careen se huisie se stoep. Dit wat eens die eiendom van Annie Benn. Sy het so 100 jaar geleef. daar laat bou en net uit die see geleef.



## Johan Naudé - Die Naudés in Frankryk

### 'n Wonderlike geleëntheid

Met 'n onlangse besoek aan kinders in Ierland besluit ek en my dogter Anél om bietjie te gaan kyk waar ons Naudés vandaan kom. So gesê, so gedaan. Ons bespreek plek op die veerboot tussen Ierland en Frankryk sodat ons hulle kar soontoe kan neem, want mens kan mos nie sonder wiele wees nie. Die datums word vasgemaak vir 30 November tot 07 Desember 2013.



Ons weet uit my vorige internet navorsing dat die Naudés in die omgewing van **Metz** gebly het. Die stad Metz is geleë op die oosgrens tussen Frankryk en Duitsland, en het verskeie kere tussen die twee lande geswerf soos wat oorloë en regeerders die grens laat verander het, maar is tans deel van Frankryk.

Die kaart langsaan dui my en Anél se roete aan: ongeveer 3000km deur Frankryk. Metz is heel oos, by punt K

My volgende opdrag was toe om die internet te "scan" vir kontakte in Frankryk waar ons kan gaan kersopsteek. Pa spin bietjie sy wiele en toe hy sy oë uitvee is daar net 'n week voor die vertrek. Gou-gou word 'n e-pos in Engels saamgeflass en aan die Metz argief gestuur, en 'n breë stamdiagram vergesel die e-pos.

Dear Sir/Madam,

I got your email address from the Tourism office in Metz. My daughter and I will visit France next week, and specifically Metz. We are currently busy researching the Naudé ancestors and we would like to trace our Huguenot heritage – we are from South Africa. Could you maybe help us with a list of old cemeteries in and Around Metz? We are looking for Naudé ancestors of Juan Nadel and his descendants from around 1520 to the 1700's. (Please see the attached document for more information.)

Do you perhaps have the name of a researcher or a librarian who might be able to assist us?  
We would appreciate any advice or support.

Looking forward to our stay in Metz

Sincerely

Johan and Anel Naudé

Groot was die verbasing toe ek na slegs vier dae 'n hoog-Franse e-pos van die hoof van die Metz argief terugkry, ene Jean-Eric lung. Sy brief bevat waardevolle navorsingsinligting... maar hoe nou gemaak? Frans verstaan dit kan ek nie. Ek gryp weer na die internet, en met Google Translate: whalla! (oftewel voilá) - daar spring die Frans oor in Engels! Die brief is nou heelwat meer verstaanbaar, en sit sommer die wiele aan die rol vir ons besoek in Mets. Hieronder is Google se Engelse weergawe van die e-pos:

Sir,

To answer your two questions on Naudé Protestant immigrants in the Cape Colony (cemeteries and genealogical documentation), I first asked a colleague, Mr. Judicaël Naudé, so I address you with the answer below. It indicates book titles that will be available in our library, open under the conditions indicated after my signature.

I also sent a copy of your email to family circle Lorraine, Metz section, some of whom are specialists in the history of the Huguenots Metz. I invite you to contact directly the circle (<http://www.genealogie-metz-moselle.fr/>).

The cemeteries of the sixteenth and seventeenth no longer exist, with few exceptions, because of the war, the proscription of Protestants, including places of worship and burial were abandoned after 1685, and more recent French legislation that ordered moving most of the cemeteries in 1776. I fear that your visit cemeteries do not allow you to find Naudé reformed, but only Naudé Catholics.

Jean-Eric Iung, director of archives, memory and heritage of the General Council of the Moselle 1 allée du Château 57070 SAINT-JULIEN-LES-METZ BP 25260 57076 METZ CEDEX 3 Tel. 03 87 78 05 00 - Fax 03 87 78 05 09 [archives@cg57.fr](mailto:archives@cg57.fr) - [www.archives57.com](http://www.archives57.com)

From: NAUDE, Judicael Posted: Thursday, November 21, 2013 11:02 To: IUNG, Jean-Eric Subject: RE: Request Gerontology - Naude Ancestors

Hello Mr. Iung,

My genealogical research did not allow me to present to the link between the branch of the family remained Catholic Naudé where I come from and the branch part of the Reformed community of Metz discussed here. The family is present in Metz from the sixteenth century. Philippe Naudé (1654-1729), resulting from the Messina Huguenot branch, is best known for the line to have been a professor of mathematics at the College of Joachim and painting at the Academy of Berlin. A son of Philippe Naudé, Jacob, which is visible on the shaft attachment, settled in South Africa and there was strain. In fact, the colony of the Cape of Good Hope was a Dutch possession. After the revocation of the Edict of Nantes, Metz and many French Huguenots took refuge in the Netherlands. The Dutch East India Company proposed to some of them to settle in Cape Town ...

For more information, you may advise the couple to read or to purchase the following two books:

- VINCLER, Jeanne, "Calvinists banned in Metz, settlers in Berlin: in the footsteps of the Huguenots messin Country in Berlin and Brandenburg", 2011 (this book to BH in BH 43575 ratings, see especially pages 224 to 226 which list the Calvinists Naude). - HOCH, Philippe, (edited by), "Huguenots: the Moselle in Berlin, the paths of exile" in 2006 (the present work under the symbol BH BH 14789, see especially pages 176 to 179 devoted to the Naude family where you can see a fragment of the family tree from said Philippe Naudé, established in 1817).

Met bostaande inligting gewapen kom ek en my dogter op 2 Desember 2013 in Metz aan. Vroegoggend, Dinsdag 3 Desember, stop ons toe by die argief. Maar o wee! Weer loop ons ons vas in die Franse taal. Die man agter die ontvangstoombank kan g'n woord Afrikaans of Engels verstaan nie.

Gelukkig kom daar twee dames aangestap. Tussen die twee van hulle is hulle 'n paar Engelse woorde magtig. Met gebaretaal en gebroke Engels kom ons toe agter die mannetjie agter die toonbank wil hê ons moet registreer, en hy benodig ons paspoorte daarvoor. Met die paspoorte in die hand klim hy op die foon en na 'n lange gesprek in hoog Frans beduiue hy ons moet wag.

Nou die wonderwerk van die jaar.

Na so 10 minute se wag kom daar 'n man aan wat 'n meer gevorderde Engels praat. Ons kan nou goed agterkom wat van ons verlang word. Hy kyk na die paspoorte en roep hard uit: "NAUDEE-E-E...!!! NAUDEE-E-E...!!!" Dis duidelik hy is baie verbaas. Hy sê: "But me, I am also NAUDEE, and my NAUDEE spelling is the same, even with the accent!" Kan jy nou meer? Hier kom ons van Suid Afrika om Naudés in Frankryk na te vors, en sowaal: 'n Naudé word **gestuur** om ons in Metz se argief by te staan!

Daarna het pa en dogter geen probleem gehad om inligting in die argief te bekom nie. Ons kon heelwat name en datums kry en bevestig tot so ver terug as 1609. Baie van die inligting moet nou verwerk word en by my bestaande navorsing van die Naudés in Suid Afrika bygewerk word.

Ons het ook 'n foto uit 'n boek afgeneem wat 'n goeie weergawe van die stam gee. Ongelukkig is dit bietjie onduidelik, maar ons sal werk tót ons hom uitgepluis het.


Vir my dogter was dit 'n openbaring dat inligting van eenvoudige mense (die Naudés was lapwewers) van so ver terug behoue kon gebly het. Dit was natuurlik haar eerste besoek en blootstelling aan 'n argief en mikrofilms.



**Hier is ek en dogter Anél saam afgeneem in Frankryk**

Nou ja, die gogga en die opwinding het nou vastrapplek in die kop, en soos dit enige goeie navorser betaam, sal ek natuurlik weer teruggaan Frankryk-toe om verder navorsing te doen oor die Naudés.

Opgestel deur Johan en Anél Naudé - Feb 2014



Ook kon ons een van die min Protestantse kerke in Metz wat uit daardie tydperk behoue gebly het besoek. Hier is die meeste van die Naudés gedoop en getroud. Dis nou volgens die inligting op mikrofilm in die argief. Wat 'n wonderlike gevoel om daar te staan en te weet: hier is van jou wortels gevorm.



# Chris Bothma - Anderkant die spoor

Ek is n afgetrede bouer. Ek versamel munte, stel belang in vetplante, sterrekyk en... daar is seker min dinge waarin ek nie belangstel nie. Lief vir lees. Woon in Vanderbijlpark, en hou myself besig met houtwerk. Ek bou hondehokke, pophuise, replika COKE-kratjies, en doodskiste. As ek myself in een sinsnede moes beskryf, sal ek soos baie mense moet sê: 'Chris, jou bliksem.'

Verlede jaar – dis nou 2013 – het nie veel hoogtepunte opgelewer nie. Iemand het wel aan my deur kom klop om te verneem of ek nie my huis wil verkoop nie.

Ons het oorengekom op 'n prys en hy het die helfte van die geld by 'n prokureur inbetaal. Vir die koper is dit goed, want hy het nog tyd om die res in te betaal. Maar ek wag. Dan kan ons trek, waarheen weet ek nie.

Die minder goeie ding wat gebeur het, was dat my vroujie in Desember 'n hartaanval gehad het. Sy het dieoggend van die 20ste Desember opgestaan; ek het koffie en ontbyt gemaak. Ons het maar oor die gewone goetertjies soos kinders, politiek, geld en Kersfees gesels. Sy het aangetrek, hare gedoen en op die bed gesit en vir my gesê dat sy sleg voel. Ek het vir haar gesê dat die dokter om agtuur by sy spreekamer sou wees, maar sy het geantwoord dat dit nie tot dan kon wag nie. Ek het haar toe dadelik ongevalle toe gery, hier by Mediclinic in Vanderbijlpark. Intussen het ek haar werk gebel om te laat weet dat sy nie sou inkom nie. Sy is saalsekretaresse in een van die sale by bogenoemde hospitaal. By die hospitaal aangekom, het hul haar gemonitor en oorgeplaas ICU toe. Dit was benoude oomblikke.

Ek ken hospitale vandat ons getroud is, maar van die binnewerkinge van sulke plekke weet ek nie veel nie. Die internis het gesê dat my vrou 'n hartaanval gehad het. Dis laat in Desember en die meeste dokters is op welverdiende verlof. Toe word sy oorgeplaas Alberton se hart-hospitaal toe. Daar het die spesialis, met behulp van 'n angiogram en ander toetse, bepaal dat 'n kroonaar vernou is. Hy het toe 'n stent ingesit en die aar word nou oopgehou. Sy moet deesdae elke dag 'n handvol pille eet: een vir bloedverdunning, een om die hartklop stadiger te maak, een vir cholesterol, twee vir bloeddruk, een om vette in die aar op te los. Nouja... sy is beter, en weer by die werk.

Snaaks, baie stories gebeur mos anderkant die spoorlyn. Die spoorlyn skei dikwils baie dorpsgebiede en mense. Toe ek 'n baie jong kind was, het ons op die dorpie Ashton langs die spoorlyn gewoon. Eenkeer het ek 'n speeltreintjie persent gekry, en die tuinjong het nie lank daarna vir my ma kom sê dat ek met my treintjie op die spoorlyn speel. My gedagte was dat ek my treintjie op die groot spoor sou laat loop en dan, as die groot trein aankom, sou ek een kant toe wegstaan en verder speel as hy eers verby is.

Ma het uitsem daar opgedaag. My boude het lekker verjaar al die pad huistoe. Later het ek my ma in die kombuis aan die huil gekry oor die pak slae wat sy my gegee het. Ek kon dit nie verstaan nie - ek het dan al lankal opgehoo huil!

Toek seker so vyf jaar oud was, het van die ouer kinders my kom vra of ek saam in die begrafplaas wil gaan piekniekhout. Groot opwinding vir 'n kind! Ek moes koekies saambring, en Jannie verjaarkoeldrank (dis nou wat ons destyds die rooi soort genoem het). By ons kleintjies is daar baie mooi ingeprent dat as daar 'n klokkie sou lui, dan gaan al die spoke opstaan. Wee die een wat in húlle begrafplaas gevang word!

Daar aangekom, is alles mooi netjies uitgepak: mandjie met 'n vatdoekie en koeldrankies en die koekies. Almal het te lekker geëet en feesgevier. Toe gebeur dit! 'n Klokkie lui kliphard reg hier by ons. Almal gil en skreeu en laat spaander.

"Ma...! MA!!! Die spoke het opgestaan!" skree ek al die pad huistoe. Ek glo nie ek was ooit weer in my lewe so bang nie. Toe ek die spoorlyn oorsteek en ek is by die huis, het ek steeds nie ophou skree nie.

My ma het darem die saak uitgepluis. Wat in weklikheid gebeur het, was dat van die ouer kinders 'n wekker gestel gehad het. Toe almal se aandag by die koekies en koeldrank was, het dit afgegaan. Groot konsternasie.



## Danie Snyman – Snyman en Snyman

Ek is in Rustenburg gebore en is die oudste van vier kinders. My skoolloopbaan het begin by Noordskool in Rustenburg. Daar het ek drie jaar skoolgegaan, tot aan die einde van standerd 1. Daarna is ons huisgesin Zeerust toe.

Ek moes later by Oupa en Ouma gaan bly om my hoërskoolloobaan in Rustenburg te voltooi. Nadat ek in 1986 gematrikuleer het, het ek vir 'n jaarlank by die polisie aangelsuit, en daarna het ek ingenieurswese (swakstroom elektries) by Pretoria Technikon gaan studeer. Met my nasionale diploma in die sak is ek weermag toe (Potchefstroom: 141 valskeerm battery).

Na my diensplig het ek in Vanderbijlpark by Yskor begin werk as 'n opleidingsbeampte in instrumentasie. 'n Jaar later word ek toe instrumentasie tegnikus by die Yskor kooksoonde. Daar het ek sewentien jaar gewerk voordat ek toe 'n pos by die projek ingenieurs department te Yskor Vanderbijlpark aanvaar het. Ek werk nou al vyf jaar daar.



My oupa en ouma Snyman

Ek en my gewese vrou het in Januarie 1996 in Alberton getrou. Ons enigste kind, my seun Divhan, is nou 14 jaar oud. Na sestien jaar skei ons in Junie 2011. In Desember 2013 het ek en Heather Artman verloof geraak.

### **Wat daartoe gelei het dat ek by Vaal GGSA aansluit:**

Ek wou nog altyd weet wie my voorvaders is en waar hulle regtig vandaan gekom het. Na my ekskeiding het ek op my eie begin navorsing doen. Ek het by familielede gaan kuier om inligting in te win oor my oupa- en oumagrootjies wat ek nooit geken het nie. Ek het ook uitgevra oor hulle oupas en oumas. Na 'n jaar het ek in 2012 toevallig met 'n werkskollega oor stamboomnavorsing begin gesels. My kollega het, nes ek, in sulke studies belangstel. Hy het vir my verduidelik wat genealogie is, en wat dit alles behels, en my genooi om by die plaaslike GGSA tak aan te sluit. Ek is sedert Januarie 2013 lid daar.

### **Navorsing wat ek in 2013 gedoen het:**

Ek is besig om ondersoek in te stel na my tak van die die Snyman familieboom en ons herkoms.

Party van my familielede sê dat ons van Duitse herkoms is, en ander meen ons is oorspronklik Nederlanders. Die GGSA dokumente wys dat die Snymans heel moontlik wel van Duitsland afkomstig is. Ek het gekyk na die inligting wat beskikbaar is en het besluit dat ek my ondersoek uit 'n ander hoek wil benader. Ek wil deur taalontleding probeer vasstel wáár ons van ontstaan het. My voorlopige – maar geensins finale – antwoord is dat die van Snyman in die Nederlandse taal ontstaan het. Ek is nog steeds op soek na die van Snijman in Nederland of België. As daar nie so 'n van in daardie twee lande bestaan nie, is die moontlikheid groot dat die vader van die eerste gebore Snyman Hans Christoffel Schneider kon gewees het, en nie Snijman nie.

My navorsing oor my vertakking van die Snyman familieboom vlot nie so goed nie. Ek pak dit aandeur eers almal wat leef se basiese inligting in te win: volle name, geboorteplek en –datum, en so aan. Daarna skuif ek stelselmatig een geslag terug tot by die eerste Snyman in die land. Na 'n jaar het maar slegs 30% van my nog lewende familie hul inligting met my gedeel. Die res wil óf nie saamwerk nie, óf verstaan nie en lag my pogings af.

My gewese skoonfamilie werk hoegenaamd nie saam nie. Ek is egter vasberade om op ander maniere te soek om die inligting te kry, omdat dit vir twee redes vir my belangrik is. Eerstens om my seun se onthalwe, want hy stel ook in genealogie belang. Tweedens omdat ek vermoed dat my gewese vrou – sy was ‘n nooi Snyman – heel moontlik uit my oupagrootjie se broer se vertakking gebore is.



## Hendrik Potgieter – Wie was my Oupa se Oupa se Oupa?

Ek is op 25 Jul 1957 gebore in Springs, Transvaal, en Hendrik Jacobus gedoop, maar soos dit enige goeie volbloed POTGIETER betaam is my bynaam Pottie - vriende en manse by die werk noem my so. Die familie noem my Seun. Ek is die oudste van vier kinders (twee seuns en twee dogters).



**Hendrik (Seun), Elise, Deon en Anna Marie**

Hier is my broer en susters se geboortedatums:  
Elise 2 Sep 1958  
Deon 29 Jan 1965  
Anna Marie 24 Mei 1969

**Pa Henry Potgieter**



My ouers het na my geboorte verhuis na Mandini, Zululand waar Pa Henry by SAPPI papiermeule gewerk het. Nadat my Pa by SAPPI bedank het, het hy kontrakwerk begin doen om paaie te bou. Ek onthou dat hy op ’n stadium gehelp het met die bou van die aanloopbaan vir die destydse Jan Smuts lughawe (nou OR Tambo) in Kemptonpark. Later jare was my Pa by Coca-Cola werkzaam as verkoopsbestuurder in Bloemfontein, Middelburg EC, en toe Nylstroom.



**My ma, Gerrie Potgieter (Verre Oosrand Hospitaal, Springs)**

Ma Gerrie was ’n mediese suster wat vanaf ’n vroeë 16-jarige ouderdom al betrokke was met die verpleging van siek mense. Sy sou aangaan met hierdie baie edele beroep en haar werk met toewyding doen tot op die ouderdom van 62 jaar. Net gedurende die tye wat ons POTGIETER kinders gebore is het sy nie gewerk nie

My eerste skool was Laerskool Sundra. Ek het later by Laerskool Kommando, Brakpan, standerd 5 voltooi. Hoërskooljare was by HTS Brakpan en HTS Bloemfontein. My tersiëre opleidingsjare was baie bedrywig. Ek het met kwalifikasies behaal in Metallurgiese Ing, BCom en 'n Middelbestuur Program - alles terwyl ek begin werk het, getroud is, huis opgesit het, twee jaar weermagopleiding gedoen het (met 'n paar drie-maand kampe daarna) en kinders begin grootmaak het.


Vir die afgelope 38 jaar is ek werksaam eers by ISCOR; toe ISPAT ISCOR Ltd toe; daarna MITTAL Steel SA en nou is dit ARCELORMITTAL, Vanderbijlpark. Kennis en ondervinding wissel van Operasioneel/Produksie na Proses Ontwikkeling na Produk Tegnologie/Kwaliteit Bestuur.

My vrou Cathy is die laaste 25 jaar by dieselfde werkgewer as ek werksaam, en haar kennis en ondervinding bestaan uit blootstelling in die Veiligheids-, Gesondheids-, Omgewings-, Risiko- en Kwaliteitsdissiplines.

Ek en Cathy het vier dogters (tusen 33 en 24 jaar oud), en ons het vier kleinkinders (ook almal dogters, tussen 9 en 2 jaar oud). Onder ons dogters is daar 'n besigheidsvrou, 'n oogkundige, 'n rekenmeester en 'n onderwyseres. Twee dogters is getroud, een amper getroud en een nog in die bondel.

Die punte wat nou volg is nie bedoel om 'n geskiedenisles te wees nie, maar net gewone interessante feite oor die Suid-Afrikaanse POTGIETERs wat uit Europa afstam:

- Die stamvader (wat die 1ste geslag in Suid-Afrika is) se naam was Harmen Jansz. Hy kom na Suid-Afrika vanaf Nordhorn, Duitsland in 1670 (18 jaar na Jan van Riebeeck in die Kaap geland het). Die dorp Nordhorn is op die grens tussen Holland en Duitsland (omtrek 200 km noord van Dusseldorf). Die POTGIETERs wat daar bly kom oorspronklik vanaf Essen in die Ruhr-gebied, Duitsland, wat 'n magtige industriële area is. Baie van hierdie voorsate van my was metaalwerkens en makers van gietyster potte. In Nordhorn is daar bewyse dat hulle toe ook skoenmakers was
- Al die Suid-Afrikaanse POTGIETERs is deel van hierdie oorspronklike groep. Baie POTGIETERs het ook na die VSA verhuis
- Elkeen van ons het 'n spesifieke genealogiese nommer wat ons posisie t.o.v. mekaar en die ander takke in die boom aandui. My nommer is ab7c9d4e1(xx)f4(xx)g1h12i1j1(xx), m.a.ww ek behoort aan geslag j - oftewel die 10de geslag. Sien aan die einde van hierdie skrywe 'n uiteensetting van hoe ek aan daardie nommer van my kom.
- Ek stel spesifiek baie belang in die tak h1-h16. Hoekom, vra jy? Ek was nog maar 'n jong seun (so vyf tot tien jaar oud), toe ek kontak gehad het met baie van hierdie broers en susters. Hulle het by Oupa en Ouma op die plaas Modderfontein in die distrik Delmas, Transvaal kom kuier. Alhoewel ek nie meer kan onthou wie spesifiek ek te sien gekry het nie, is dit vir my belangrik om aan hulle respek en eer te betoon. Om dit te kan doen wil ek hierdie geslag so volledig as moontlik dokumenteer.



Ouma Pollie en Oupa Pot op hulle troudag

- Oupa Hendrik Jacobus se geboorteplek was Welgevonden / Wolwefontein, distrik Delmas, Transvaal. Sy boedel no was 10567/69 en hy was 'n myner en boer van beroep. Sy sterfteplek was Sundra
- Ouma Pollie se geboorteplek was Stompiesfontein, distrik Delmas, Transvaal. Sy was 'n huisvrou en vroedvrou. Ouma se sterfteplek is Delmas, Transvaal.
- Elkeen van ons het 'n spesifieke genealogiese titel wat ons verwantskap tov mekaar en die ander takke in die boom aandui. My titel is 7de agterkleinseun van stamvader Harmen Jansz.
- Andries Hendrik (Voortrekker leier) was deel van die 6de geslag en my Oupa (Hendrik Jacobus) was deel van die 8ste geslag wat uit 16 kinders bestaan het. My oupagrootjie (Marthinus Johannes) was deel van 'n familie van 22 kinders
- Die POTGIETER familiewapen wat jy op die Internet raakloop is nie die oorspronklike een nie (so 'n familiewapen bestaan moontlik gladnie!). Moet nie daaraan glo nie. Gebruik dit net vir versieringsdoeleindes. Daar is minstens vier of vyf variasies in omloop.

Hieronder het ek die vrae gebruik wat Erna ons gestuur het om my aan die dink te kry – en dit het gewerk. Blameer die vrae daarvoor dat ek my vier bladsy limiet oorskry het!

### **Wat is jou lekkerste ontdekking/ervaring?**

- Dat my huidige beroep van metallurg (of in gewone Afrikaans 'n metaalkundige) direk inlyn is met die beroepe van die POTGIETER voorsate uit Duitsland
- Gedurende 2005 het ek en my vrou Cathy vakansie in Europa gehou. Daar het ons die voorreg gehad om die dorpie te besoek waarvandaan die Suid-Afrikaanse POTGIETERS ge-emigreer het. Nordhorn, Duitsland, is 'n pragtige dorpie met 'n rustige atmosfeer, watermeule en 'n kerk wat hewig beskadig is tydens WW2
- In my omswerwinge het ek afgekom op 'n ongepubliseerde dokumentasie van die POTGIETERS deur Eric Swardt, gedateer 2006. Dank aan Eric Swardt vir sy navorsingswerk! Alhoewel die informasie aangaande die tak waarin ek belangstel onvolledig en plek-plek nie korrek is nie is nie, is Eric Swardt se werk 'n groot hulp. Ek poog nou om dit uit te brei sodat dit vollediger is
- In Swardt se dokument vind ek toe my oupa, ouma en pa se name sowel as die name van die kinders van elke geslag. Dit het egter gladnie met die werlikheid oorengestem nie. Volgens Swardt was daar twaalf kinders in my oupa se familie, maar daar was sestien. Vier kinders was nie opgeteken nie.
- Die volgende ding wat ek in Swardt se 2006 dokument ontdek het, is dat kinders wie se name as vrouename aangeteken was, eintlik manlik was! Na herhaalde kommunikasie kon ek en Eric Swardt nie ooreenkoms hoe om die informasie op te dateer nie. Ek het toe maar besluit om al die gegewens van die 8e, 9e, 10e, 11e en 12e geslagte self op te dateer en op 'n manier beskikbaar te stel vir die persone in ons tak van die POTGIETER boom
- Dit is baie lekker en bevredigend om foto's en ander belangrike dokumente soos briewe, testamente, kaarte en so aan van elke persoon te kry. Deesdae "scan" en bewaar mens dit elektronies vir die nageslag, en dis ook bevredigend. Baie van die rekords is vroeër jare nie onder ideale toestande gebêre nie
- Van die lekkerste ontdekking is die baie interessante lewens wat die sestien persone van daardie ab7c9d4e1(xx)f4(xx)g1**h1-h16**-tak van die POTGIETERboom geleei het. Ek is bly dat daar baie stories is wat ek vir die nasate kan bewaar. Hieronder volg 'n paar van hulle:
  - **h1 Marthinus Johannes POTGIETER** (\*8 Jul 1886 - 28 Jul 1940) trou met Hester VAN DER WALT (weduwee VILJOEN). Met die geboorte van sy broer Hendrik Jacobus POTGIETER (h12) se derde seun Marthinus Johannes POTGIETER (i3) het hy Marthinus Johannes POTGIETER (h1) daarop aangedring dat die kind sy naam sal kry aangesien die kind op sy verjaarsdag gebore is en dan ook die stamvaders se naam sal voortdra. Marthinus Johannes POTGIETER (h1) is later aan maagkanker oorlede. Hercules Stephanus VILJOEN is sy stiefseun, Catharina Elizabeth VILJOEN is sy stiefdogter en Gert Jacobus NIENABER is sy aangename seun. Marthinus Johannes POTGIETER (h1) het slegs 1 bloedkind van sy eie gehad, nl 'n dogter Eugelina POTGIETER
  - **h2 Andries Hendrik POTGIETER** (\*23 Jul 1888 - Jul 1961) trou met Anna Elizabeth JANSE VAN VUUREN. Op 'n jong ouderdom gaan werk hy vir 'n ander boer tot omtrent 20-jarige ouderdom. Hy verhuis na die plaas Stompiesfontein en boer toe vir homself. Dit gaan baie swaar met die boerdery en hy verwerf 'n rooikaart by die sogenaamde "Thysis Board" - 'n myninstansie - om ondergronds in die goudmyne te gaan werk. Met die tuiskoms, ewe trots op sy rooikaart, hy hang sy baadjie aan die deurknop. Sy seun Marthinus Johannes sien nie sy baadjie daar hang nie, en sit onwetend 'n kers op die deurknop (en die baadjie) neer. Daar steek die baadjie aan die band, en brand met rooikaart en al. Hy het toe maar ewe gedwee weer teruggegaan en op die ou end by die myn afgetree.
  - **h3 Cornelis Johannes POTGIETER** (\*14 Apr 1890). Vroeg dood
  - **h4 Jacobus Gysbertus POTGIETER** (\*21 Aug 1891 - 25 Mei 1932) trou met (Anna) Catharina Sophia DU PLESSIS (\*Okt 1893 - 26 Sep 1928) en toe later met Anna Elizabeth POTGIETER. Toestande ondergronds in die goudmyne was so ongesond dat hy op 'n jeugdige ouderdom van 40 jaar aan myntering oorlede is
  - **h5 Jan Lourens Stephanus POTGIETER** (6 Mrt 1893)(\*6 Mrt 1894) trou met Grietha ROSSOUW. Hy werk in die myn en koop later 'n gedeelte van die plaas Vishkuil waar hy geboer het tot sy dood
  - **h6 (Flip) Philippus Carl POTGIETER** (\*9 Nov 1895 - 9 Jan 1970) trou met Agnes FRIEND (\*20 Jan 1898 - 13 Okt 1973) [Skei]. Op 'n dag nadat hulle 'n vrag bale op die wa gelaai het wou hulle die vrag vasmaak met van die baaldraad. Met die oorgooi van die draad van die een kant na die ander kant het die draad in sy oog beland en so het hy sy oog verloor. Hy was 'n besonderse groot man

- **h7 (Sannie) Susanna Catharina Alletta POTGIETER** (\*31 Jul 1897) trou met Jan DU PREEZ en toe later met Gert RUDOLPH. Sy was 'n baie goeie ma. Sy was absoluut wonderlik vir haar kinders en skoonkinders. Sy kon baie goed en lekker koskook
- **h8 (Kerneels) Cornelis Johannes POTGIETER** (\*14 Feb 1899) trou met Corrie nn. Vroeg dood
- **h9 (Lenie) Magdalena Maria POTGIETER** (\*3 Mrt 1900 - 10 Sep 1982) trou met Chrisjan JACOBS (\*26 Jan 1884 - 1936) [CJ = broer van ouma ROSSOUW???]. Sy is op 'n baie jeugdige ouderdom van omtrent 15 jaar getroud en moes haar man se babaseuntjie grootmaak en sy ander groter kinders versorg. Sy was besonder lief vir kinders en het eerder hulle geselsskap opgesoek as grootmense s'n. Sy het 16 kinders van haar eie groot gemaak. Haar dogter neem haar vir die eerste keer na 'n insit fliek (Tarzan) en toe die leeu in die film aanval het sy gedink hy mik vir haar. Haar gegil het die hele saal laat skaterlag
- **h10 (Hans) Johannes Christiaan POTGIETER** (\*9 Apr 1904 - (21 Jun 1961) 24 Mrt 1961) trou met Hester Petronella Emerentia Cecilia LOMBARD (\*11 Mrt 1903 - 31 Mrt 1973). Op 'n dag het hy gery met 'n kar terwyl die pad nat was. Hy het met sy hand buite die kar se venster gesit toe die kar gly. Die kar het uiteindelik op sy hand te lande gekom. Hy het jarelank met sy hand gesukkel voordat hy weer gedeeltelike gebruik daarvan teruggekry het
- **h11 (Kerneels) Cornelis Jacobus POTGIETER** (\*7 Jan 1906 - 3 Apr 1962) trou met (Corrie) Cornelia Adriana BROWN (\*30 Apr 1912 - 27 Aug 1969). 'n Wa het sy been afgetrap op 18-jarige ouderdom en van toe af het hy mank geloop. Hy was sy lewelank 'n myner by verskeie myne aan die Oosrand. Hy boer in die Heidelberg distrik terwyl hy in die myn gewerk het. Hy was 'n baie hulpvaardige mens, baie kwaai maar vriendelik
- **h12 Hendrik Jacobus POTGIETER** (\*16 Sept 1907 - 23 Okt 1969) trou met (Pollie) Cornelia Johanna ROSSOUW (\*11 Des 1909 - 16 Jun 1976). Hy is as myner opgelei en het gekwalifiseer by die mynskool op Modderbee. Hy het beide in die myn gewerk en geboer. Later het hy die plaas Modderfontein gekoop (150 morg vir 4 500 pond) waar hy tot sy dood geboer het. Hy was 'n aktiewe kerkman met 'n baie sterk belangstelling in sport. Hendrik was fisies sterk. Hy kon gemaklik eiehandig 'n sak mielies op 'n wa laai. Hy het 'n besonderse liefde vir perde gehad. In 1947, toe die Englanse koning en sy gesin deur Suid-Afrika getoer het, het hulle die Randse Paasskou in Johannesburg besoek. Hulle het gesien hoe Oupa se perd "Bangor" gespring het en 'n besonderse prys verwerf het
- **h13 (Willie) Willem Johannes George Petronella Margarietha POTGIETER** (\*27 Mrt 1910 - Okt 2001) trou met Mina RUDOLPH (\*3 Apr 1913 - 1995) en verander sy name na Willem Johannes George (hy het ontslae geraak van sy vrouename). Hy het sy hele lewe lank in die Oosrand myne gewerk (Springs, Brakpan) en in die Vrystaat. In 'n mynongeluk het hy twee vingers verloor. Hy het die oudste geword van al die sestien POTGIETER kinders, nl: 91 jaar en 7 maande.
- **h14 Frans Benjamin POTGIETER** (\*29 Nov 1911). Vroeg dood
- **h15 Anna Johanna Christina Magdalena Dorothea POTGIETER** (\*25 Apr 1913 - 16 Des 1942) trou met (Corrie) Cornelius Francois MEYER (\* - 1 Okt 1971). Daar staan vandag nog 'n huis op Eloff wat sy gebou het terwyl haar man bedags in die myn gewerk het. Van die ouer geslag inwoners het getuig van hoe fluks sy was. Sy is op 30-jarige ouderdom aan nierstuipe oorlede, met die geboorte van haar 5e kind
- **h16 (Mollie) Maria Magdalena POTGIETER** (\*10 Aug 1914 - 18 Des 1990) trou met (Ben) Bartholomeus SAAIMAN (\*11 Apr 1907 - 17 Feb 1977) en toe later met Okkie VAN WYK. Sy was 'n vrou wat altyd besig was, en was baie saggeard was. Sy het al die familie se probleme en vreugdes geken. Almal het altyd by haar gaan kuier. Waar hulle op die plaas gebly het, kon die kerkraad nie altyd besoek aflê nie, maar sy het hulle offergawes gebêre al was dit soms vir 'n jaar lank. Toe haar man uit die myn die plaas "Witkleifontein" koop, was hulle eerste skuiling (huis) net 4 sinkplate. Dit was al wat hulle destyds gehad het, en tog het hulle as welaf mense afgetreee

#### **Wat is jou frustrerendste/hartseerste ontdekking of ervaring?**

- Al die jare terwyl Oupa en Ouma en Pa en Ma nog geleef het was mens te jonk om regtig die waarde van die familiegeskiedenis te verstaan en te waardeer. Ek het nooit die moeite gedoen om al die oorvertellings van die stories en die interessante feite te dokumenteer en rekord daarvan te hou nie
- Die fotohouer is destyds greeld op die mat uitgegooi, en dan het ons daar tussen die foto's gesit terwyl Oupa, Ouma, Pa en Ma die stories van elke foto vertel het. Dit sou so maklik gewees het om daardie tyd agterop elke foto die datums en name te skryf!

- 'n Paar jare gelede het 'n persoon uit Nederland vraelyste omgestuur vir navorsing oor die POTGIETERs in Suid-Afrika. Alhoewel ek die beskikbare data daardie tyd deurgestuur het, het ek nooit een van die boeke bestel waarin die informasie aangeteken is nie. So ek het nie rekord daarvan nie! Ek sal nog moet ondersoek instel oor hoe ek die boek kan bekom.

### **Wat hoop jy om te bereik, wat wens jy jy kon regkry, waarmee het jy hulp nodig?**

My doelwit was nog altyd meerledig, nl:

- Om my Oupagrootjie se POTGIETER familie se geslagsregister op te stel, en om 'n storielyn van elke nasaat in die geslagsregister op te stel
- Om die voorgeslag en nageslag van Marthinus Johannes Potgieter (1857 – 1934) en Anna Johanna Christina Magdalena Dorothea du Plessis (1869 - ..... ) te dokumenteer en om die verwantskap te wys met bekende POTGIETERs soos Andries Hendrik (die Voortrekker leier), Gert POTGIETER (Springbok atleet) en Gert POTGIETER (bekende sanger)
- Die doel van die geslagsregister is dat die nakomelinge kan weet waar hulle vandaan kom en dat dit opbouend vir hulle kultuurerfenis kan wees. Geen genealogiese werk is ooit voltooid nie. Behalwe dat nuwe geslagte gebore word, verander die omstandighede van die huidige geslag voortdurend. Dan was dit ook nie tans moontlik om alle inligting te bekom nie. Ons families beskik ook oor 'n magdom foto's wat later bygevoeg kan word
- Ek wil graag my vrou Cathy help om haar voorgeslagte se gegewens oor die VAN DER MERWEs en HEATHs op te spoor. Dit is effens kompleks want Cathy se pa (VAN DER MERWE) het in Rhodesie (nou Zimbabwe) gewerk aan die Cabora Bassa dambouprojek. My vrou se ma (gebore HEATH) is gedood in 'n motorongeluk in Rhodesie. Oupa VAN DER MERWE en Ouma LOTTERING se oorsprong is nog onseker
- Ons almal is baie meer as net name, vanne, geboortedatums en sterfdatums. Ek wil graag aan my besondere stamboomtak nie net name en datums hang nie, maar ook 'n kort CV-tipe opsomming (of 'n bladsy of vyf) van elke persoon. Ek wil graag elke persoon se lewe opsom met gebeurtenisse, suksesse, teleurstellings, en so aan
- Ons wend 'n doelgerigte poging aan om 'n paragraaf of storie vir elke persoon op te stel, familiesiektes te dokumenteer, foto's elektronies te bewaar en kontaktegewens uit te ruil (soos bv adresse, tel nos, ens)
- Ek het definitief blootstelling en ervaring nodig t.o.v. navorsingswerk in argiewe. Baie navorsingsfeite moet nog geboekstaaf word met werklike bewyse en die bronne moet ook aangeteken word
- Ek het hulp nodig met die herstel van my ooroupagrootjie se graf in Mpumalanga, op 'n plaas in die distrik Delmas. Die grafsteen het behoue gebly en is in my besit, maar die graf sal herbou of opgevul moet word. Wat dit effens uitdagend maak is die feit dat alles aangery sal moet word: water, klip, sand, cement, ens. Gelukkig is die toegang tot die terrein heel bereikbaar per voertuig
- Sonder om enigsins rassisties te wees is nie alle POTGIETERs Blanke nie. Daar is sekerlik ook POTGIETERs van ander rasse. Dit behoort 'n uitdaging te wees om ook daardie konneksie te maak
- Enige bydraes sal welkom word want tans ondersoek ek die families BADENHORST, BESTER, BOTHA, ELOFF, GOUWS, HEATH, HOUGH, OBERHOLZER, POTGIETER, ROSSOUW, VAN DER MERWE, SAUER en SCHUMACHER

### **Wat het jy geleer oor genealoog wees?**

- Om nederig en dankbaar te wees teenoor die geslagte wat voor ons hier was
- Ons kritiseer so baie keer voordat ons al die feite ken, maar dit is duidelik dat baie van die besluite van vroeër ook maar geneem is teen die agtergrond van daardie dag se omstandighede en gebeure
- Baie van ons "sit vandag onder 'n boom in die koelte omrede iemand van ons voorsate die wysheid gehad het om die boom te plant en te help groei." Die ou gesegde is so absoluut waar
- Hierdie geslagsregister sal hoofsaaklik onder familielede versprei word met enkele afskrifte aan ander navorsers. Baie dankie aan almal wat geduldig my vrae beantwoord het. Ek dra hierdie weergawe op aan vorige geslagte wat alreeds dood is: my Oupa Hendrik Jacobus, my Pa Henry Richard, my Ma Gerrie en my Oom Marthinus Johannes, maar ook aan ander wat nog vir ons gespaar is, soos my Tante Marie

## Het jy enige raad oor metodes, programme, hulpmiddels, plekke om goed uit te vind?

- Oorspronklik het ek begin met handgeskrewe notas en brieve wat ek versamel het van familielede. Later het ek dit begin opsom in Excel maar baie vinnig agtergekom dat die program nie daarvoor geskik is nie. Ek het toe oorgeskakel na 'n genialogieprogram (Brothers' Keeper), maar nou gebruik ek 'n ander genialogieprogram (Legacy). Ek moet nog Legacy baie goed leer want al my Brother's Keeper info moet nou oorgeskakel word
- Maak seker dat jy alles wat jy gebruik in elektroniese formaat bewaar

### Tipiese voorbeeld van 'n bloedlyn: vanaf my Stamvader tot by my nommer ab7c9d4e1f4g1h12i1j1

a	Harmen Jansz POTGIERER (*1635 - 1706) trou met Isabella FREDERIKS (*8 Mei 1652 - 1711) op 8 Mei 1672, Swellendam
b7	Hans Jurgen POTGIERER (doop 16 Jul 1690 - 1736) trou met Cornelia BOTHA (doop 6 Jan 1697) op 31 Mrt 1720, Stellenbosch
c9	Hans Jurgen POTGIERER (doop 15 Apr 1736) trou met Elisabeth VAN STADEN (doop 12 Apr 1737) op 5 Sep 1756, Paarl
d4	Marthinus Johannes POTGIERER (doop 8 Feb 1767) trou met Hester Magdalena BOUWER (doop 3 Nov 1776) op 29 Okt 1792
e1	Marthinus Johannes POTGIERER (d. 17 Feb 1797 - 1902) trou met Maria Magdalena DU PREEZ (*20 Mei 1805 - 20 Jan 1840) op 3 Mei 1823, Uitenhage
f4	Marthinus Johannes POTGIERER (*15 Sep 1829 - 16 Sep 1902) trou met Magdalena Maria MINNAAR (*1818 - 15 Mrt 1871)
g1	Marthinus Johannes POTGIERER (*14 Aug 1857)(*14 Aug 1853 - 29 Aug 1934) trou met Anna Johanna Christina Magdalena Dorothea DU PLESSIS (*22 Aug 1869 - 1969) op 29 Apr 1885, Pretoria
h12	Hendrik Jacobus POTGIERER (*16 Sept 1907 - 23 Okt 1969) trou met (Pollie) Cornelia Johanna ROSSOUW (*11 Des 1909 - 16 Jun 1976)
i1	[Henry (Basie)] Henry Richard POTGIERER (*14 Feb 1931 - 9 Mrt 2000) trou met (Gerrie) Gert Magrietha Elizabeth GOOWS (*3 Jun 1933 - 31 Mrt 2006)
j1	(Seun) Hendrik Jacobus POTGIERER (*25 Jul 1957)



Nou kan ons uitspan... vir 'n rukkie.

Begin solank werk aan julle volgende storie vir 1 October 2014